Die Stem Van Die Teken

Bly staan net vir 'n paar oomblikke in die Teenwoordigheid van die Here. Laat ons uit Sy Woord lees, in Eksodus, die 4de hoofstuk.

> *. . . antwoord Moses en sê: Maar as hulle my nie glo en na my stem nie luister nie, maar sê: Die* HERE *het nie aan jou verskyn nie?*
>
> *Daarop vra die* HERE *vir hom: Wat is daar in jou hand? . . . hy antwoord: 'n Staf.*
>
> *En Hy sê: Gooi dit op die grond. Toe gooi hy dit op die grond, en dit het 'n slang geword; en Moses het daarvoor gevlug.*
>
> *Toe sê die* HERE *vir Moses: Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert. Hierop het hy sy hand uitgesteeek en dit gegryp, en dit het 'n staf in sy hand geword –*
>
> *sodat hulle kan glo dat die* HERE*, die God van hulle vaders, die God van Abraham, die God van Isak, en die God van Jakob, aan jou verskyn het.*
>
> *En die* HERE *het verder vir hom gesê: Steek tog jou hand in jou boesem. En hy het sy hand in sy boesem gesteek; en toe hy dit uittrek, was* dit melaatsheid*, soos sneeu!*
>
> *En Hy sê: Steek jou hand weer in jou boesem. En hy het sy hand weer in sy boesem gesteek; en toe hy dit uit sy boesem uittrek, was dit weer soos sy ander vlees!*
>
> *En as hulle jou nie glo en aan die stem van die eerste teken geen gehoor gee nie, dan sal hulle die stem van die laaste teken glo.*
>
> *En as hulle ook hierdie twee tekens nie glo en na jou stem nie luister nie, neem dan van die Nyl se water en giet dit op die droë grond uit; dan sal die water wat jy uit die Nyl neem, op die droë grond bloed word.*

2 Laat ons ons hoofde buig vir gebed. Nou as jy 'n versoek het, op hierdie aand, wat jy graag bekend wil maak aan die Here, steek net julle hande op en sê: "Here, onthou my nou. Ek is behoeftig."

3 Ons Hemelse Vader, ons nader U weer vanaand, in die besef dat soos ons ons hoofde buig na die grond waarvandaan ons kom, en as U vertoef, sal ons terugkeer na die stof. Maar met 'n blye hoop van die belofte wat in Christus is, dat al diegene wat in God is Christus met Hom sal saambring. Ons–

ons dank U vir hierdie glorieryke belofte. En ek bid, God, dat U elkeen van hulle sal onthou wat hulle hande opgesteek het, myne ook, Here.

4 Ek bid, vanaand, dat in die afsluiting van hierdie geloofsuur, dat U mense sulke geloof sal gee vanaand, dat die Here Jesus so werklik sal wees aan elkeen van ons, dat daar nie ’n swak persoon in ons midde sal wees, na vanaand nie. Mag elke sondaar besef dat hy in die Teenwoordigheid van die Here Jesus is, en dan sal bekeer van sy sondes, en sy hart aan U gee, en gevul word met die Gees; in hierdie laaste bose ure, soos ons dit sien soos ’n groot skaduwee wat oor die aarde kruip.

5 Ons bid, God, vir Goddelike leiding, vanaand, vir die preek en vir die aanhoor. Mag die Heilige Gees nou die diens neem en die Brood van die Lewe breek vir elkeen van ons soos ons behoefte het, want ons vra dit in Sy Naam. Amen.

Mag maar sit.

6 Ek vertrou dat ons vanaand in staat sal wees om dit te bereik wat ons die mense probeer laat sien, die-die werklikheid om geloof in God te hê.

7 Nou, môremiddag om twee-dertig, gaan almal wat gebedskaarte het, voor gebid word. En dan, om seker te maak niemand word uitgelaat sonder gebedskaarte nie, gee ons elke aand ’n paar gebedskaarte uit. En hy sal hulle weer uitgee, môre, omtrent . . . ek veronderstel, omtrent een-dertig of so-iets, net voor die diens begin. En almal wat gebed verlang, enige van julle geliefdes, laat hulle kom en ’n gebedskaart kry. Hulle sal sekerlik welkom wees-wees tot ’n gebedskaart. En ons gaan . . .

8 Ek gaan bid vir die mense, deur hande op hulle te lê en vir hulle te bid. Nou as jou geloof nie kan opkom in die Teenwoordigheid van die Here Jesus en Hom aanvaar as jou geneesheer nie, en jy glo dat as ons bid en hande op jou lê, dit jou sal help, wel, is ons sekerlik hier om enigiets te doen wat jy begeer.

9 Die rede waarom ek dit afgestel het tot laat, lank, gesien dat almal wat ek kon, wat kon uitreik en God op daardie basis aanvaar. En ons het nie te veel nie. Daar is . . . Die gebou is nie groot nie, en so het ons nie te veel mense nie. En ons kan môremiddag neem en bid vir almal wat ons hier het, die middag insit vir daardie doel, vir bid vir die siekes.

10 En ons is hier om enigiets te doen wat ons kan om die lewe ’n bietjie beter te maak vir julle, die las te verlig, op hierdie pad wat ons reis.

11 En dan op enige tydstip, wat enigiemand voel dat-dat hulle na die Here Jesus wil kom, maak nie saak watter deel van die diens aangaan nie, kom jy dadelik. Moenie wag tot die

altaaroproep gemaak word nie, moenie wag tot die uitnodiging gegee word nie. Jy kom dadelik, aanvaar Christus, en kom net vorentoe en bely Hom dadelik. Want dis ons hoofdoel om hier te wees, is om siele gebore te sien word in die Koninkryk van God.

12 En nou, môre is Sondag, en daar sal Sondagskool wees, die kerke. Die rede waarom ons dienste in die middag het, op Sondag, is sodat ons glad nie enige diens sal onderbreek nie. Ons glo dat elke Christen 'n–'n kerktuiste moet hê waarnatoe hulle gaan. Elke Christen behoort iewers met gelowiges te ontmoet. En waar ook al jy ontmoet, dis die kerk.

13 Nou, as ek hier gewoon het, sou ek behoort het aan een van hierdie kerke hier, wat hierdie pastore hier, wat saamwerk, verteenwoordig. Waarom? Want hulle sit hier op die platform, om deur alle mense gesien te word, dat hulle saamstem met wat aangaan. Hulle glo in hierdie tipe bediening, Goddelike genesing, die doop van die Heilige Gees, ensovoorts. Hulle is hier om daarvan te getuig. Hulle was die een wat my uitgenooi het om hiernatoe te kom, dat die bediening wat die Here my gegee het, hulle gemeente kan help.

14 Nou dis 'n ware pastoor, wat soek na al die geestelike voordele wat hy kan, van alles wat God doen, wat hy sy beste probeer om sy kerk te help om voort te beweeg vir God. Ek haal beslis my hoed af in bewondering vir 'n pastoor soos daardie.

15 En hierdie manne moes dit onder moeilikheid doen, ook. Julle kan glo dat dit waar is. Hulle moes dit onder moeilikheid doen. En ek–ek is beslis dankbaar teenoor sulke groot manne van God, wat gewillig is om hulle plek in te neem en hulle pos van plig volgens hulle oortuigings, en–en te glo. God seën hulle ryklik!

16 En ek is seker dat hulle julle sal help. Nou, as jy 'n vreemdeling hier is, vind uit waar hierdie broers hulle kerke het, waar hulle is. Besoek hulle môre. Hulle sal spesiale dienste hou, en daar is predikers hier wat sal preek by verskillende kerke, en soos dit aangekondig is. So wees môre by hulle.

17 En dan môremiddag, wil ek hê julle moet kom na die afsluitingsdiens, ons sal beslis bly wees om julle te hê. Alle kerke, alle denominasies, dis vir almal. Almal is welkom; Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinkster, kerk van Christus, kerk van God, Katoliek, Ortodokse Jood, ateïs, wat ook al jy is. Ons is . . . Jy word uitgenooi.

"Jy sê: 'Ateïs'?" Ja, meneer.

18 As 'n ateïs in die diens sal inkom en gaan sit en homself gedra, is hy net so welkom soos enigiemand anders. Iets, dis waarvoor ons hom hier wil hê, dat iets gedoen sal word wat hom sal help om sy fout in te sien, en na die Here te kom. Want ons . . . Beslis.

19 Hoeveel het ooit die klein gesig gelees wat die Christen Sakemanne se tydskrif gepubliseer het, en ek reken nog 'n paar tyd-. . . , of, *Verby Die Tydsgordyn Te Kyk*? Nou dit is waar, vriend. Jy kan nie bekostig om dit te mis nie. Ek-ek was 'n ander persoon van toe af. Ek weet dat dit werklik is, so ek-ek-ek vertrou net dat nie een van julle daardie groot Hemel sal misloop wat God vir gelowiges het nie. As jy dit doen, wat het jy hier op aarde bereik? Want, jy weet nie wanneer jy hierdie wêreld gaan verlaat nie. Maar jy weet een ding, jy sal dit beslis moet verlaat. So as dit waar is, dan sou ons nie besonder dwaas wees om te probeer om-om te kry net soos. . . Ons kan nie bekostig om enige soort kans te vat nie. Sien, onthou net, glo God se Woord en elke belofte Daarin.

20 Dink net, wat het elke siekte, elke hartseer, elke dood, elke probleem, elke droefheid, hierdie spastiese kindjie, al hierdie dinge, kreupeles, blindes, elke hospitaal wat gebou is, veroorsaak? Omdat een persoon net een klein deeltjie van die Woord nie geglo het nie. Dit was Eva. Satan het dit net bedek vir haar. Nie aangehaal nie, maar bedek vir haar, gesê: "Sekerlik. . . Die Here is te goed."

21 Jy hoor soveel vandag dat dit is, God wat 'n goeie God is. Hy is 'n goeie God, maar onthou Hy is 'n God van heiligheid, 'n God wat nie sonde kan oorsien nie. Die straf is betaal, en jy moet dit op Sy gronde aanvaar. En onthou, Hy is 'n God van woede, 'n God van toorn. En jy sal staan voor 'n woedende God, nie net 'n God van goedheid en genade nie. Vanaand is Hy jou Verlosser; daardie Dag is Hy jou Regter.

22 So wees seker dat jy nie een ding ongedaan laat nie, vriend. Dit-dit sal nie. . . Dit betaal nie. Moenie-moenie net lukraak daarmee omgaan nie. Wees seker, dubbel seker, want jy kry nie nog 'n kans nie. Hierdie is jou enigste kans, terwyl jy hier op aarde is.

23 Onthou die ryk man en Lasarus, daar was 'n groot kloof tussen jou en Hom, wat geen man ooit oorgesteek het, of ooit sal oorsteek nie. Sien? Wanneer jy-wanneer jy sterf, dit handel dit af. Ek weet mense maak aanspraak dat hulle hulle terugbid uit daardie plekke, maar moet jy dit nooit glo nie. Dis teenstrydig met die Woord van God. Sien? "Soos die boom leun, dis hoe dit val." En Jesus het gesê, Self, dat: "Daar 'n kloof was, wat, wanneer 'n man sterf en hel toe gegaan het, hy nie (nooit) na die Hemel kom nie. Geen mens het dit ooit oorgesteek nie, en sal nooit nie." Dit handel dit af, sover dit my aanbetref. Wanneer Jesus gesê het dit was dit, dis alles daarvan.

24 So onthou net, nou is jou kans, en vanaand mag jou laaste geleentheid wees.

25 Kan jy ooit begryp wat aangaan? As jy dit net kan sien! Ek hoop julle dink nie dat om so te praat, dat ek julle probeer beïnvloed om na 'n man te kyk, of 'n man te glo nie. Ek doen dit nie, vriend. Ek probeer om julle te kry om te glo Wie dit is in waarvan ons in die Teenwoordigheid nou is. Jesus Christus, die einste God wat jou sal oordeel op daardie Dag, is hier om Homself te identifiseer in jou teenwoordigheid. Presies soos wat Hy belowe het Hy sou doen in hierdie laaste dae.

26 Ek dink Broer Price, vanmôre by die ontbyt, het so 'n mooi illustrasie gegee om by 'n draai te kom, dan om die draai te gaan. Het julle dit geniet? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Het beslis. Dit was baie, baie goed geplaas.

27 Nou, so onthou, partymaal by die draai, maar kom ons onthou dat ons om hierdie draaie moet gaan. Ek het eenkeer daaroor gepreek, en dit genoem: *Kruispaaie*. Ons tref 'n kruispad, so dikwels, ons moet *hiernatoe* gaan en op verskillende weë.

28 Nou vanaand, vir die volgende paar minute, wil ek die onderwerp neem van-van: *Die Stem Van Die Teken*. En nou soos ons toneel open, vanaand, in die Boek van Eksodus, en die *eksodus* beteken "om uit te kom; uitgebring te word." Nou probeer aandagtig luister, soos julle kan.

29 Ek wil graag eenkeer vir julle preek, julle is so 'n gawe gehoor, maar ek het net nie die stem nie. Net 'n bietjie stremming daarop, en ek weet wat dit sou wees. Ek moet 'n bietjie rus nou, vir omtrent agt of tien dae, voordat ek die volgende diens begin. Sien, dit is nie net hierdie een diens hier nie. Dis diens, dag na dag, week na week, maand na maand, jaar na jaar, sien, en julle kan julle voorstel.

30 En dink aan al die tye, jaar na jaar, het dit nooit een keer het Hy ooit enigiets gesê behalwe wat volmaak, presies die waarheid was nie; in alle tale, om die wêreld, sewe keer. Sien? Niemand, nêrens, kan sê behalwe dat dit volmaak, presies in die kol was, elke keer nie. Wanneer Hy sê 'n sekere ding gaan gebeur, het dit net presies so gebeur. Dit vertel vir weke en maande, en jare, selfs, voordat dit gebeur, en dit is altyd volmaak in die kol. Nie een keer gefaal nie, en dit sal nooit, want dis God. Nou, ek kan faal, as 'n mens. Moet nooit na my kyk, vir 'n voorbeeld nie, want ek-ek is net soos julle, net 'n sondaar gered uit genade. Maar dit is God, die bonatuurlike, sien, wat Homself identifiseer. Hy hoef dit nie te doen nie, maar Hy het belowe Hy sou dit doen.

31 Jesus het genees dat dit die Woord mag vervul. Hy het daardie dinge gedoen sodat die Woord van God vervul sou word.

32 Dis waarom Hy dit vandag doen, dat die Woord vervul mag word, wat ek vir julle aangehaal het, aand na aand.

33 Nou let op dan wanneer Sy Teenwoordigheid naby is, Dit, bring Dit beslis emosie. Soos ek vanmôre gepraat het: "Enigiets sonder emosie is dood." En enige godsdiens wat nie 'n emosie daaraan het nie, jy beter dit begrawe, dis dood. Dit bring emosie. Hy verlewendig ons. Maar wanneer ons verlewendig word, laat ons onthou wat ons verlewendig het. Wat het dit gedoen? Dis die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, Jesus Christus in ons midde, wat Homself wys dat Hy lewendig is. Nie 'n vleeslike liggaam nie; wanneer daardie tyd, daardie vleeslike liggaam, terugkeer uit die Hemel, sal daar nie meer tyd wees nie. Dis alles daarvan. En ons weet dat ons in, lewe in die laaste dae, wanneer hierdie dinge moet plaasvind.

Nou, God het tevore eksodusse gehad. Daar is . . .

34 Alles is in 'n drie, met God. God word vervolmaak in drie. Eerste koms van Christus, om Sy Bruid te *verlos*; tweede koms van Christus, om Sy Bruid te *ontvang*; derde koms van Christus, *saam* met Sy Bruid, om in die Millennium te regeer. Alles loop in 'n drie.

35 Nou, daar was, sal wees, drie eksodusse. Een van hulle, het God hulle *in* die ark ingebring, vir 'n eksodus, 'n rit bokant die aarde. Die volgende keer, het God hulle *uit* Egipte uit-uitgebring. En die volgende keer neem God hulle *op*. In, uit, op! Die volgende eksodus is opgaan. Ons staan nou voor een, die opgaan tyd.

36 Dieselfde as wat die lewe dieselfde ding doen. Ons kom *in* die lewe in, ons gaan *uit* die lewe uit, staan *op* tot lewe, net presies dieselfde ding. So ons is . . .

37 Ons toneel open vanaand by eksodus, en God het gereed gemaak om Sy volk te neem.

38 Israel is 'n volk. God werk nie met Israel as 'n indiwidu nie. Israel is 'n volk, altyd met hulle gewerk. En in die laaste dae, na die-die vertrek van die kerk, dan sal God Israel as 'n volk red. Dis in die tuisland nou, gereed daarvoor. En hulle sal gered word, het die Bybel gesê: "'n Volk sal gebore word in 'n dag." God werk nie met die Jode as een indiwidu nie. Hy werk met hulle as 'n volk, Israel, altyd, omdat dit Sy volk is.

39 En hier maak Hy gereed om Sy volk uit 'n volk te bring, in 'n eksodus, Sy volk uit 'n oordeel te neem.

40 En die einste waters wat daardie wêreld verdrink het, het Noag gered. Sien? En die einste Heilige Gees wat die mense vandag verwerp, sal die Kerk ontvang en Dit opneem, en oordeel bring oor om Dit nie te glo nie. Jesus het gesê.

41 Toe hulle Hom "Beëlsebub," genoem het, met ander woorde: "Hy was 'n fortuinverteller." Hulle . . .

42 Hy het gesê: "Ek sal julle daarvoor vergewe," die Seun van die mens. Die offer was nog nie gemaak nie. "Maar wanneer

die Heilige Gees kom om dieselfde ding te doen, sal een Woord Daarteen nooit vergewe word in hierdie wêreld of in die wêreld wat sal kom nie." Dit moet verwerp word, en dan tref oordeel daarna. Sien, die probleem is ons . . .

43 Laat my dink aan eenkeer, 'n storie wat ek gelees het, van 'n ou matroos wat van die see afgekom het, en 'n-'n jong Engelse digter het see toe gegaan. En so het die digter baie geskryf oor die see, maar hy het dit nooit gesien nie, so hy was op sy pad af. En die ou sout het vir hom gesê, met sy pypie in sy mond, gesê: "Waarnatoe gaan jy, my goeie man?"

Hy het gesê: "Ek gaan af na die see." Hy het gesê: "Ek het dit nog nooit gesien nie. Ek het daarvan geskryf, en wat ander daaroor gesê het," gesê: "o, ek is so opgewonde om te weet ek kom nader aan die see." Hy het gesê: "O, om sy soutreuk te kry! Om sy groot, wit branders bo-op te sien breek, en die blou hemele wat weerkaats word, en die seemeeus te hoor soos hulle oorvlieg, o, ek is so opgewonde aan die gedagte om dit te sien!"

45 Die ou sout het gesê: "Ek was daarop gebore, sestig jaar gelede, ek sien niks so pragtigs daaraan nie." Sien, hy het soveel daarvan gesien totdat dit gewoon geraak het vir hom.

46 Nou dis wat die probleem is met die Pinksterkerk vandag. Dit het soveel van God gesien, totdat God gewoon geraak het vir hulle. Moet nooit laat dit dit doen nie!

47 Hier nie lank gelede nie, in Louisville, Kentucky. Waar ek vandaan kom, Jeffersonville, Indiana, dis oorkant die rivier daarvan. 'n Dame het in'n tien-sent winkel ingestap. En sy (was) het 'n seuntjie op haar arm gehad, en sy het na die toonbanke gegaan en histeries geraak. Sy sou iets optel, dit vir die seuntjie wys; hy sou net sit en staar. Sy sou na 'n ander toonbank gaan, iets optel en dit vir die seuntjie wys; hy sou net staar. Naderhand, het sy 'n klokkie opgetel en dit begin lui, en die seuntjie het net gestaar. En sy het begin skreeu, en haar hande opgegooi. En die mense in die tien-sent winkel het haar dopgehou, so hulle het na haar toe gegaan om uit te vind wat verkeerd is.

48 Sy het gesê: "Ek het . . . My seuntjie," gesê: "hy is net drie jaar oud." En gesê: "Ek . . . Meteens, omtrent 'n jaar gelede, sou hy begin en net sit en in die ruimte instaar." En gesê: "Ek-ek het hom na die dokter geneem," en gesê: "en die dokter het sekere behandelings en dinge voorgeskryf." En gesê: "En die dokter het vir my gesê, vandag, dat hy gedink het hy was beter. Maar," gesê: "hy is nie beter nie." Gesê: "Ek het alles voor hom geskud, wat 'n seuntjie van sy ouderdom behoort aan te trek, aandag. Alles wat 'n kindjie van sy ouderdom sou aantrek, ek het dit voor hom geskud, en hy sit net en staar in die ruimte in." Gesê: "Hy's niks beter nie."

49 Dis iets soos die Pinksterkerk. God het elke gawe, in die Bybel, voor hulle geskud, en hulle sit en staar in die ruimte in,

net asof dit iets verkeerds was. Dis tyd dat ons wakker word, vriende, voordat dit te laat word. Onthou, God skud nie daardie gawes as Hy nie jou aandag wil trek nie.

God was besig om 'n volk uit 'n volk te bring.

50 Net soos Hy nou doen, gaan 'n Bruid uit 'n kerk bring, die oorblyfsel van die vrou se saad agterlaat. Die Uitverkorenes sal uit die kerk gebring word. Die kerk natuurlik sal hier bly deur die verdrukking. Die *uitverkorenes* word partymaal genoem "die uitverkiestes, uitverkorenes, die oorblyfsel."

51 Laat ons dophou hoe Hy dit toe gedoen het, want Hy verander nooit Sy manier om dinge te doen nie. God het een manier van dinge doen, en dis die hoe Hy dit doen, en die die regte manier, altyd. Kyk hoe Hy dit gedoen het, en die manier waarin Hy dit gedoen het, en dan kan ons nou 'n kykie hierna kry.

52 Ek is 'n tipoloog, beslis. Ek het geen geleerdheid gehad nie. Ek moet terukyk en kyk wat Hy gedoen het. En ons word geleer dat: "Die Ou Testament 'n skaduwee was van die dinge wat sal kom." So as ek hier gekyk het en nooit my hand gesien het nie, en die skaduwee van my hand gesien het, en ek het vyf vingers gehad, het ek 'n goeie idee dat wanneer my hand daar kom, ek vyf vingers gehad het. So wat met hulle gebeur het, was voorbeelde van hoe God dinge gedoen het, hoe Hy dit nou doen.

53 En hoe Hy dit doen, Hy verander nooit daarvan nie. Elke keer, deur die Bybel, Hy verander nooit Sy manier om dinge te doen nie. Die heeltyd dieselfde, want Sy eerste manier om dit te doen, is die volmaakte manier. Want, Hy kan nie 'n ander manier hê nie, want Hy is volmaak, en, Hy, al Sy weë is volmaak. Kyk hoe Hy dit gedoen het.

54 Moses is geroep en verordineer om hierdie werk te doen wat hy was, hy gehad-hy gehad het. God . . .

55 Nou, ek dink, as julle dit sal verskoon . . . Ek sê dit nie onverskilliglik nie. Ek sê net, op hierdie platform, ek-ek ken niks en wil niks ken behalwe God nie. Nou, ek dink daar is waar ons Spadereën broers dit deurmekaar laat raak het, sien, hulle lê hande op mekaar en maak hulle profete, ensovoorts. Nou, dis nie Skriftuurlik nie. "Gawes en roepings is sonder belydenis." Jy word gebore wat jy ook al is. Jy is, aan die begin, wat jy is.

56 Kyk na daardie Fariseërs in die dae wat verby is. Hulle het net 'n bietjie lig gehad, want hulle kon . . . het die wet gehad, en hulle het volgens die wet gelewe, maar onder in hulle hart was swart soos dit kon wees.

57 En daar was 'n vroutjie, 'n prostituut, voor . . . vorige lewe *hierbo* was so swart as wat dit kon wees, sy was berug, maar onder in haar hart was sy voorbestem tot die Lewe.

58 En toe, toe Jesus, die Woord, op die toneel verskyn het, het daardie Fariseërs gesê: "Hierdie Man is Beëlsebub." Wat het dit gedoen? Dit het die bietjie lig wat hulle gehad het uitgedoof.

59 Jesus het gesê: "Julle is van julle vader, die duiwel, en sy werke sal julle doen."

60 Maar toe hierdie klein, vuil vroutjie gekom het, en sy die Woord van God gesien het, het sy Dit geken. Sy het Dit nie gelewe nie, maar sy het Dit geken. En so gou as wat Dit met haar gepraat het, het sy gesê: "Ek sien U is 'n profeet." En Hy . . . Sy het gesê: "Ek weet die Messias sal dit doen."

En Hy het gesê: "Ek is Hy."

61 Wat het dit gedoen? Dit het die swart skoongemaak en dit alles wit gemaak. Waarom? Daar was 'n saad wat daar gelê het, 'n voorbestemde saad, wat was in die . . . Dit was God se gedagte voor die grondlegging van die wêreld.

62 Daar is net een vorm van Ewige Lewe. As jy Ewige Lewe het, dan was jy self in God se denke voor die wêreld geskep is. Jy is 'n eienskap van Sy denke, want Ewig het nooit begin of kan nooit eindig nie. Jy's 'n deel van God se ekonomie, altyd. Dit reflekteer net. Dis gepas nou. Hulle het nog een foto om te ontwikkel, dis die dood, dan word die negatief positief, dan is jy in die Bruid en saam met Christus, soos Hy gedink het. Soos man en vrou, vandag, so sal (God) Christus en die Kerk dieselfde wees. Nou, die uitverkorene, geroepte!

Moses is gebore: "'n mooi kind." Die Bybel het dit gesê.

63 Een van die profete, Jeremia. God het gesê: "Voor jy selfs gevorm is in jou moeder se skoot, het Ek jou verordineer as 'n profeet vir die nasie."

64 Johannes die Doper, wel, hy is geïdentifiseer in die Skrif. Jesaja, sewehonderd-en-twaalf jaar voor sy koms, gesê: "Hy is die stem van een wat roep in die woestyn: 'Berei die weg voor vir die Here!'" En omtrent vierhonderd jaar voor Sy koms, vind ons weer, het Maleági gesê: "Kyk Ek stuur My boodskapper voor My aangesig, om die weg voor te berei vir die Here."

65 Sien, hy is verordineer. En so was al daardie ampte van God, as hulle deur God geroep is.

66 As hulle daarin geleer is, is dit net kanonvoer, sien, dit kan niks wees nie. As dit 'n etekaartjie is, dan verkoop jy jou geboorteregte vir 'n etekaartjie, jy sal toegee om saam met 'n organisasie of 'n groep te gaan. Maar as dit van God is, sal jy staan by daardie Woord, ongeag, omdat jy gebore is om daarby te staan.

67 Moses, niemand anders kon sy plek neem nie. Niemand anders kon die werk doen nie. Hy was verordineer om dit te doen.

68 En, broers, suster, as jy Ewige Lewe het, is jy verordineer om 'n sekere ding te doen. Miskien 'n goeie huisvrou, miskien iets anders, maar niemand kan jou plek inneem nie. God het vir jou 'n plek gemaak. Moenie iemand anders se plek probeer neem nie. Dis vleeslike nabootsings, sien, wys daar is iets verkeerd met jou. Wees wat jy is, net presies. Moet niks anders wees nie.

69 Nou, nou vind ons uit dat God Moses die tekens gegee het om aansprake en roepings te bewys.

70 En elke ware teken, elke ware teken, wat van God af gestuur word, die . . . het 'n stem daaragter. Nou moenie faal nie. Hierdie is my laaste les hieroor, sien. Elke ware teken . . . Nou ons het tekens wat nie van God af is nie. Satan kan amper enigiets naboots wat daar is. Maar 'n ware teken, gestuur van God, het die stem van God agter dit.

71 God het vir Moses gesê: "As hulle nie die stem van die eerste teken wil glo nie, dan doen hierdie ander teken voor hulle. En dan as hulle nie daarna wil luister nie, neem net water en gooi dit op die grond." En dit was 'n teken dat hulle deurdrenk sou word daar in hulle eie bloed.

72 Let op, en net dieselfde soos Hy gesê het: "Stof die stof van julle voete af. Dit sal meer houdbaar wees vir Sodom en Gomorra daardie dag, as wat dit sal wees vir daardie stad wat julle verwerp."

73 Nou ons speel nie Kerk nie. Hierdie *is* Kerk. Christus is die Kerk. Ons is in Christus. Die mitiese Liggaam van Christus, ons word Daarin gebore. Jy kan nie Daarby aansluit nie.

74 Ek was by die Branham familie vir amper vyf-en-vyftig jaar, en hulle het my nooit gevra om by die familie aan te sluit nie. Ek is 'n Branham gebore.

75 En dis hoe jy 'n Christen is. Jy is 'n Christen gebore, nie daarby aangesluit nie. Jy is daarin gebore. Almal is bang vir die geboorte. Hulle het 'n mooi skoon manier om 'n handjie te neem, of 'n kaartjie te teken, of 'n soutpot met 'n bietjie water daarin. Dis nie die geboorte nie. 'n Geboorte is 'n verskriklike ding. 'n Geboorte is 'n-'n vreeslike ding. Ek gee nie om of dit in 'n varkhok, of 'n-of 'n stal, of in 'n pienk versierde hospitaalkamer is nie; 'n geboorte is 'n gemors, en dit maak 'n gemors van jou. Jy wil nie opgee nie, jy wil nie *hierdie, daardie,* of die *ander* hê nie, maar die trane sal die grimering van jou gesig afwas en jou 'n ander persoon maak. As jy wedergebore is, sal dit 'n gemors van jou maak, maar jy sal as 'n nuwe skepsel uitkom. Sien? Hulle wil dit nie hê nie. Hulle wil 'n maklike manier hê, julle weet, en daar is geen maklike maniere nie. Soos die lied, hy gesê het: "Ek sal die weg kies saam met die Here se paar veragtes." Hy wil nie 'n kweekhuisplant wees nie.

Elke ware teken van God word gevolg deur die stem van God.

76 Nou as 'n man 'n teken gee in 'n land, of enige tyd, en daardie stem wat hy daarna spreek is nie die Woord van God nie, hou dit dan dop, moet dit nie glo nie. As een of ander ou skool, as 'n man opstaan en sê, 'n teken van God wys, en die man se leer dan dieselfde ou teologie is wat julle al hierdie jare gehad het, het God nooit daardie teken gestuur nie. Kyk terug in die Skrif en kyk of dit was. Ondersoek die Skrif. Die kêrel wat terugkom, en gesê het: "Nou ons wil almal *hierby* aansluit. Dit was 'n ou gevestigde saak." Moet julle dit nie glo nie. Ons gaan daarop ingaan, binne net 'n paar minute, sien. Nee, moet julle dit nie glo nie.

77 God bevestig altyd Sy tekens. Teken van God af spreek altyd God se stem.

78 En as dit dieselfde ou skool is wat julle gehad het, waarom sou Hy 'n teken gee, julle alreeds daarin is? Hy probeer julle by daardie draai kry. Stopteken! Verminder spoed! Kyk waar jy gaan? Jy sal jouself afry by die draai as jy nie dophou nie. Daar is 'n skerp draai, en dis altyd 'n teken daar voor jy hierdie draai vat, om te keer dat jy 'n ongeluk maak. 'n Goeie padbouers gee tekens. En ons reis op 'n pad na die Heerlikheid. En as die teken praat van dieselfde ou ding, is dit nie van God nie.

79 God gee tekens om die aandag van Sy mense te trek. Tekens moet die aandag van God se mense trek, God se tekens moet. God se tekens word gegee om die aandag van God se mense te trek.

80 Nou hier was die brandende bos 'n teken om die profeet aan te trek, te probeer, omdat die profeet weggehardloop het van God, en God het die brandende bos as 'n teken gegee. En hy het hierdie vreemde teken gesien; hy het gesê: "Ek sal afdraai om te kyk wat hierdie vreemde teken is, dat 'n-'n bos aan die brand is en nie verteer word nie." Nou God het die aandag van Sy voortvlugtende profeet getrek. Hy kon 'n ander een gekry het, maar Hy het Moses verordineer vir die werk en niemand anders sal sy plek inneem nie.

81 In die reis, het 'n paar ander kêrels dit probeer doen, julle weet. Datan het opgestaan en wou 'n organisasie daaruit maak. God het vir Moses gesê: "Skei jouself. Ek sal hulle net insluk." Sien?

82 God werk met 'n indiwidu. Sien? Nou let hierna op, Hy het die profeet se aandag probeer trek, om sy profeet in sy regte plek te kry, sien, en Hy het die brandende bos teken gegee.

83 En, kyk, die stem wat op die teken gevolg het was 'n Skriftuurlike stem. "Ek het die krete van My volk gehoor, en

hulle jammerklagte, as gevolg van die drywers, en Ek het My belofte onthou." Amen. Dit handel dit af. "Ek onthou die belofte." Dit was 'n Skriftuurlike stem. "Ek Ek stuur jou soontoe. Ek het afgekom om hulle te verlos, en Ek stuur jou."

84 Onthou, God doen niks buite die mens nie. Julle weet dit? Dis wat die mense laat struikel. Sien?

85 Dis wat hulle laat struikel het oor Jesus. Hulle het gesê: "U is 'n Man, wat Uself God maak." Hy was God, maar hulle kon dit nie verstaan nie. "Wel, U, net as 'n Man."

86 Hy het gesê: "Wel, julle noem die profete 'gode,' en julle wet het dit herken. En as julle hulle 'gode' noem, na wie die Woord van God gekom het, hoe kan julle My veroordeel wanneer Ek sê Ek is die Seun van God?"

87 Sien, tekens, om aandag te trek. En, onthou, as die aandag getrek is, dit dieselfde ou trant is, is dit nie God nie.

88 Maar God probeer die profeet nou aantrek, en Hy gee hom 'n teken, en die stem wat op die teken gevolg het was 'n Skriftuurlike stem. "Ek het die volk gesien. Ek het hulle krete gehoor. Ek onthou My belofte."

89 Nou gaan God spreek deur Sy beloofde Woord. Hy moet Sy profeet stuur, want die Woord kom na die profeet. Die Bybel het gesê, God het Self gesê, dat: "Hy doen niks totdat Hy dit eers openbaar aan Sy dienaars die profete nie." Sien? En dan word die teken gegee. En die Skrif is geïdentifiseer, dis die Stem van die teken.

90 Sien die Stem van die teken, van Moses? Eers, was die teken die brandende bos; die Stem was die Skrif.

91 Moses het dit as Sy teken geneem, en afgegaan na Egipte en die teken gedoen wat God vir hom gesê het; en die teken het 'n stem daarby gehad, en die mense het dit geglo en hulle het uitgekom. En solank hulle marsjeer het, het hulle goed gevaar; maar toe hulle begin murmureer het teen die stem, toe het hulle gestop.

92 Onthou, Israel het gereis. Het julle geweet hoe ver hulle gekom het? Hulle sou gewees het . . . Hulle was net veertig myl, en omtrent veertig jaar om dit te doen. Waarom? Is omdat hulle begin murmureer het teen die stem wat die teken gedoen het. Hoe min het hulle geweet, toe hulle geskree het daaronder op die oewer, en gedans het in die Gees, en Moses wat gesing het in die Gees, hulle net 'n paar dae weg was. Maar hulle het begin murmureer, en wou iets anders doen; en hulle het veertig jaar in die woestyn gebly, en daaroor omgekom, dis reg, omdat hulle nie geglo het nie. God het gesê: "Hulle praat nie teen jou nie, Moses. Hulle praat teen My." Dit was God se stem, nie Moses nie.

93 Nou kyk, Jehova gaan spreek volgens Sy beloofde Woord, so Hy moet sy profete stuur. Dit, as julle dit wil sien, dis in

Génesis 15:16. Ons vind uit dat God vir Abraham gesê het: "Jou saad sal in hierdie vreemde land vertoef, en Ek sal hulle uitbring met 'n magtige hand. Die ongeregtigheid van die Amoriete is nog nie vervul nie." Al Sy beloftes wat Hy gegee het, hier trek Hy die profeet aan, met 'n brandende bos.

94 Nou as die brandende bos sou gesê het: "Moses, God is God."

"Ja, ek glo dit."

95 "O, jy doen goed, Moses, hou net so aan. Jy't met 'n goeie vrou getrou; sy's 'n pragtige kind. Het beslis 'n mooi seun! Prys God!" Dis dieselfde ou skool. Sien?

96 Maar Hy was gereed om iets te doen, so Hy moes die man aantrek. En Hy het vir die man twee tekens gegee om te doen, en gesê: "Elke teken het 'n stem." Dit bewys dat dit so is. Nou kyk wat daardie stemme gesê het, selfs skepping. Jehova was gereed om nou te spreek.

97 Weer, is die koms van 'n profeet 'n teken. Het julle dit geweet? Die koms van 'n profeet, na die eeu, is 'n teken.

98 Nou, ek bedoel nie 'n Doktor van Godsgeleerdheid nie. Ek bedoel nie 'n getroue pastoor, 'n goeie persoon nie. Hulle is goed. Hulle is God se dienaars.

99 Maar 'n profeet is 'n teken. Die Bybel sê so hier. En waarvan is die teken? Dis 'n teken dat Sy Woord vervul gaan word, vervul gaan word deur die stem van hierdie profeet se teken.

100 Let op, die koms van 'n profeet is 'n waarskuwingsteken van oordeel op hande. Het julle dit geweet? Oordeel is gereed om te tref as daar 'n profeet in die land is.

101 Onthou, Hy moet sekerlik, eers, bevestig word deur God en die Woord vir daardie dag, en dan doen hy die teken. En hou dan daardie teken dop, wat hy voorspel. Hy het gesê: "As dit gebeur, luister dan na hom." Númeri 12:6: "As dit nie gebeur nie, vergeet dit." Dit moet 'n Skriftuurlike teken gee wat Hy gee.

102 En wat Hy as 'n teken gee, eenkeer, as Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, gee Hy die heeltyd dieselfde. "Die Woord van die Here het gekom na die profete." Hulle was die Woord. En toe Jesus gekom het, was Hy die Woord. En die Woord het die gedagtes en oorlegginge van die hart onderskei, die heeltyd, aan en aan. Nou kyk.

103 Die koms van hierdie profeet, gee die teken, van: "oordeel is op hande," altyd.

104 Laat ons net stop vir net 'n paar minute. Ek sal nie te lank neem nie. Laat ons net 'n paar nagaan nou, vir omtrent tien minute. En die res van die boodskap, liewer, vir tien minute.

105 Noag, 'n profeet op die land-in die land, 'n teken van die komende oordeel. Moses, 'n profeet in die land, die teken van 'n komende oordeel. Elía, profeet in die land, teken van komende oordeel. Johannes, 'n profeet in die land, 'n teken van komende oordeel aan Israel, hulle is absoluut afgesny.

106 Let op, teken! Wat doen die teken? Die teken moet die aandag trek, en die uitverkorenes gereed kry, en uit die pad voordat oordeel tref. Dis wat Noag gedoen het, het die uitverkorenes gereed gekry. Die res van hulle, en wat doen dit? Die teken, en die stem van die teken, veroordeel die ongelowige en kry hom gereed vir oordeel. Dit kry die uitverkorene gereed vir ontsnapping. Dis wat teken is. Dis waarvoor tekens gegee word, vir die komende oordeel. Aan die uitverkorenes, hulle sien dit.

107 Soos die vroutjie met 'n suiwer hart, en 'n vuil liggaam; en die Fariseër met 'n suiwer liggaam, en 'n vuil hart. Dit het die een veroordeel, en red die ander een.

108 En die einste oordele wat Moses gered het, het die wêreld veroordeel; sy prediking.

109 Dit kry die uitverkorenes gereed. Waarvoor is die uitverkorenes gereed? Wanneer hulle 'n God-gestuurde teken sien, kyk hulle terug in die Skrif en sien of dit veronderstel is om daar te wees. "Ja, hier is dit." Wat is dit? Hangende oordeel. Dan luister die uitverkorenes na die stem.

110 Maar die nie-uitverkorenes ignoreer, en het gesê: "Onsin. Gaan weg! Ons sal dieselfde ou skool neem." Sien? Dis hoe hulle gemaak het in die dae van Luther. Dis hoe hulle gemaak het in die dae van Wesley. Dis hoe hulle-hulle nou maak, dis hoe hulle altyd gemaak het.

111 Maar dis 'n teken, en dit het 'n stem wat op daardie teken volg. En die stem is geïdentifiseer as 'n Skriftuurlike stem. Nou moet dit nie vergeet nie. Nou laat dit bly ingaan, want ek mag julle nooit weer sien nie.

112 Ek wens ek het 'n manier gehad wat ek kon afkom hier iewers en al my broers kry, wanneer hulle geen herlewings gehad het wat aangaan nie, 'n tent opslaan en net sit, dag na dag, en dit onderrig totdat dit-totdat dit regtig insink. Maar Hy sal dit nie toelaat nie, ek dink nie. Sien, ons is te naby aan die einde. Ek glo ons is nou reg aan die einde.

113 In my boek daarin, wat ek neergeskryf hou. In 1933, een oggend, gereed gemaak om Sondagskool toe te gaan, 'n Baptiste Sondagskool waar ek pastoor was, het die Heilige Gees gekom en my gewys tot by die endtyd, en my sewe dinge gewys wat sou gebeur. Ek het hulle neergeskryf. Dis op ou geel papier.

114 Vir my gesê presies hoe Duitsland daardie Siegfried Linie sou bou, en hoe die Amerikaners groot verliese daar sou ly, elf jaar voordat die-die linie ooit gebou was.

115 Gesê hoe Mussolini sou opstaan, en hoe hy na Ethiopië sou gaan, en hoe Ethiopië sou "val voor sy voete." En hy sou in skaamte sterf, onderstebo gedraai, en sy eie mense sou op hom spoeg.

116 En ek het gesê: "Daar is drie ismes; Kommunisme, Fassisme, en Naziisme. Hulle sal almal eindig uit Rusland, in Kommunisme." En dit sal Katolisisme vernietig. Kyk of dit nie!

117 Ek het gesê: "Sulke vooruitgang sal plaasvind!" Ek het gesê: "Ek sien outomobiele wat lyk soos 'n eier, wat in die straat afgaan. Daar is motors wat met die hoofweë afgaan, met een of ander soort van 'n beheer, hulle hoef dit nie te stuur nie. Ek sien 'n Amerikaanse familie wat dambord speel agter in 'n motor." Hulle het die motor op die oomblik, as hulle net die regte hoofweë gehad het om dit op te sit. Die klein Volkswagen is 'n volmaakte eier, net presies, en dis al die ander motors. Kan julle julle voorstel in 1933, hoe die motors gelyk het, teenoor nou?

118 En toe het Dit weer voorspel, dat, die vroue toelaat om te stem, en wat hulle sou doen. En hoedat hierdie land, as 'n tipe, soos Israel, in die land ingekom het en die bewoners uitgedryf het, en die land beërf het. En die eerste paar konings wat hulle gehad het, Dawid en Salomo, was Godsvresende konings. Naderhand, het hulle 'n Agab op die toneel gekry. Hulle het hom ingestem. Die stoel het . . . kerk het wêrelds geword. En, ons het 'n Lincoln en 'n Washington gehad, kyk wat dit vandag is. Kyk waarnatoe ons nou gaan. Wat is die volgende ding? Ons is aan die endtyd.

119 En dis 'n teken, in die natuurlike, net presies. Dit maak die uitverkorenes gereed; en veroordeel, tot oordeel, die ongelowige.

120 "As hierdie profeet 'n ware profeet is, en wat hy sê gebeur," het die Bybel gesê, in Númeri 12:6: "luister na sy waarskuwing, want dit is bewys dis nie die man nie." 'n–'n Profeet is 'n man. Maar die stem van die bonatuurlike teken 'n Skriftuurlike stem is, dit bevestig is, dan is dit 'n waarskuwing.

121 Die Bybel is geskryf deur profete, onthou. In Twee Petrus, ook, 1:21. In Hebreërs 1:1, ook.

122 Die Vuurkolom, vir Moses, was die teken, die stem sou spreek. Die Vuurkolom het gewys dat die stem gaan spreek. Dis 'n teken, 'n Vuurkolom. Die mense behoort dit te onthou van Houston, nie lank gelede nie.

123 Moses, 'n profeet, teken vir Israel, dat die belofte net omtrent gereed was om vervul te word. Toe Moses afgekom het om die teken van 'n profeet te doen, het hulle net toe geweet hy sou hulle bymekaar maak.

124 Hoe volmaak in orde is God se Woord, elke keer dieselfde. Selfs soos ek gisteraand gesê het, hoe die Urim Thummim, en alles, altyd geantwoord het aan God.

125 Laat ons 'n profeet weer neem, net 'n oomblik, Jona. Ek het die eerste hoofstuk van Jona hier neergeskryf gehad, eerste hoofstuk hier van sy profesie. Jona wat uit die walvis se maag gekom het, was 'n teken. Sien, die mense was heidene. Hulle het die gode van die see aanbid, en hulle see-god was 'n walvis.

126 Nou hoeveel mense probeer Jona veroordeel. Ek het altyd opgestaan vir Jona. Jona was nie uit die wil van die Here nie. "Die voetstappe van die regverdige is bepaal deur die Here." Ons wil sê: "Hy is 'n Jona." Maar laat ons dit neem op sy. . . wat dit werd is, eenmaal. Ek weet hy was veronderstel om na Ninevé te gaan, maar God het hom die skip laat neem na Tarsis. En Hy het die ontstuimigheid laat opkom op die see.

127 Jona het gesê: "Bind my hande en my voete vas. Ek is die een in die moeilikheid, die een wat dit veroorsaak het." En hulle het hom uitgegooi. En 'n vis wat deur die water geswem het, 'n groot vis, dat hy Jona ingesluk het. Ek weet dis moeilik vir wetenskap om te glo.

128 Hier nie lank gelede nie, in Louisville, Kentucky, omtrent tien jaar gelede, het hulle 'n-'n walvis gehad wat lê op 'n-'n treinwa. En daar was 'n klein Ricky daar, wat meer intelligensie gehad het as wat hy geweet het hoe om te beheer. Hy het probeer maak asof die Bybel 'n leuen vertel. Hy het gesê: "Jy weet, jy hoor daardie ou Bybelse gesegde, dat die walvis Jona ingesluk het." Hy het gesê: "Kyk, jy kan nie 'n bal deur sy keel sit nie, dis so klein. Hoe kan 'n volgroeide man in sy maag ingaan?" Gesê: "Jy sien, dis net 'n ou gesegde, soos die Bybel vol van hulle is."

129 Dit was te veel vir my-my denke. Ek het gesê: "Meneer, ek wil graag iets daar sê."

Gesê: "Wat het jy om te sê?"

130 Ek het gesê: "Jy sien, jy het nie die Bybel reg gelees nie." Ek het gesê: "Die Bybel het gesê dit was 'n spesiale walvis. 'God het 'n groot vis voorberei.' Hierdie was 'n spesiaal geboude, om hom mee in te sluk, wat hom dit laat doen het! Dit was nie 'n gewone vis nie. God sou 'n ongewone werk doen, so Hy het 'n ongewone vis gekry." Sien? Hy het toe niks meer daaroor gesê nie. So, dit, God het 'n spesiale ding gehad.

131 Soos 'n dogtertjie, eenkeer, wat van die tabernakel afgekom het; haar haartjies teruggekam, en glad, soveel so dat haar gesiggie gelyk het soos 'n afgeskilde ui. Sy het net 'n Bybel gehad, afgegaan.

132 Hierdie ou man met die naam van Jim Dorsey het by Utica gebly. Hy was 'n ongelowige, 'n ou soldaat, en-en hy het nie in God geglo nie. En hy het gesê: "Waarnatoe gaan jy, jongdame?"

Sy het gesê: "Ek gaan huis toe, meneer."

Gesê: "Wat is daardie wat jy in jou arm dra?"

Sy het gesê: "Dis 'n Bybel."

Gesê:"Jy glo dit nie, glo jy?" En hy . . .

Gesê: "Ja, ek glo dit, meneer."

133 En gesê: "Glo jy daardie storie daarin van die walvis wat Jona insluk?"

Gesê: "Wel, sekerlik, ek glo elke Woord daarin."

134 Hy het gesê: "Hoe gaan jy dit bewys op enige ander manier behalwe geloof, wat jy geloof noem?"

"Wel," het sy gesê: "wanneer ek by die Hemel kom, sal ek vir Jona vra." Sien?

Hy het gesê: "Dan wat as hy nie daar is nie?"

135 Sy het gesê: "Dan sal jy hom moet vra." So ek het gedink dit was 'n baie goeie regsteller. So ek dink dat dit omtrent reg is.

136 As die Bybel gesê het dat Jona die walvis ingesluk het, sou ek dit glo. Hy sou dit voorberei. Wat God gesê het, is God in staat om te doen, en Hy hou altyd Sy Woord. So, Jona, ons spot hom . . .

137 Maar het julle ooit opgelet, 'n vis wanneer dit swem? Dit jag sy kos. En dan wanneer dit eet, gaan dit af onder na die bodem en rus sy vinne op die bodem. Voer jou goudvis en kyk wat gebeur. Hulle kry hulle magie vol, dan gaan hulle af en sit hulle vinne reg teen die bodem, en lê daar en ontspan.

138 Wel, hierdie groot voorbereide vis het verbygekom en hierdie profeet ingesluk. En hy het afgegaan na die bodem van die see, en miskien veertig vaam diep daar. Hy het ver afgegaan, om homself te laat rus op die bodem van die see.

139 Nou ons dink altyd aan Jona. En almal sê: "Nou daar is vir my gebid, maar my hand is niks beter nie. Ek is voor gebid, maar ek voel niks beter nie." Moet jy nooit vir Jona skree nie.

140 Nou kyk na die simptome wat hy gehad het. Nou, eerste plek was hy buite op 'n stormagtige see, en hy was van die koers af wat God hom gestuur het. Sy hande en voete was vasgebind. Hy was in 'n stormagtige, woeste see gegooi, en 'n walvis het hom ingesluk en het reg afgegaan na die bodem van die see. En hy het daar gelê in die braaksel in die walvis se maag, seegras om sy nek. En as hy *hierdie* kant toe gekyk het, was dit walvismaag. Hy *daardie* kant toe gekyk het, was dit walvismaag. Oral waar hy gekyk het, was dit walvismaag. Jy praat van 'n geval van simptome, hy mag dit gehad het. Maar julle weet wat hy gesê het? Hy het gesê: "Hulle is valse nietighede. Ek sal nie meer na hulle kyk nie, maar nog een maal sal ek na U heilige tempel kyk."

141 Want, Salomo, ’n natuurlike man van die aarde, wat gebid het in die toewyding van ’n tempel, het gesê: “Here, as U volk in die moeilikheid is enige plek, en kyk na hierdie heilige plek, hoor dan uit die Hemel.”

142 En Jona het geloof gehad in wat Salomo gebid het, en God het hom verlos uit die walvis, na drie dae en nagte. Hy mag ’n suurstoftent daaronder gesit het, ek weet nie wat Hy gedoen het, maar Hy het hom lewendig gehou vir drie dae en nagte, volgens die Woord. En die Woord is reg.

143 Wel, as Jona, onder daardie omstandighede, weer kon kyk na die tabernakel wat ’n mens gemaak het, hoeveel te meer behoort ek en jy, vanaand, te kyk na die Tempel waar Jesus staan aan die regterhand van die Majesteit, met Sy Eie Bloed, wat intree op ons belydenis, van ons klein simptome! Moenie Jona veroordeel, en dan kyk wat verkeerd is met jou nie. Kyk na die belofte: “God het so gesê!” As julle die kinders van Abraham is: “God het so gesê!” Hy het die belofte gemaak, en dit handel dit af.

144 Let op, al die mense was aan die visvang en het hulle nette en dinge opgetrek. Naderhand, het die seegod, die walvis opgekom, wat haas na die oewer. Almal het op hulle knieë geval. God weet hoe om dinge te doen. En hy het reg by die oewer gekom en sy tong uitgelek, en, toe hy het, hier kom die profeet uitgestap uit die walvis se mond. Die profeet! Die god het die profeet reg op die oewer uitgespoeg. Geen wonder hulle het bekeer nie. Sien?

145 Dit was ’n teken. Jona wat afgelewer is deur die walvis, was ’n teken. Wat het hy gedoen? Dit was ’n teken van God. Wat het die stem gesê? “Bekeer of vergaan, binne veertig dae.” God se teken; God se stem! Altyd, wanneer God ’n teken stuur, stuur God Sy stem na daardie teken. Let op: “Bekeer, of binne veertig dae sal hierdie hele stad vergaan.”

146 Johannes die profeet wat op die aarde verskyn het, na vierhonderd jaar sonder ’n profeet; die teken na vierhonderd jaar, van hom wat verskyn. Daardie lakse tydjie!

147 Nou as julle geestelik is, sal julle snap wat ek sê. Mag God julle begrip open. Hoe lank was dit!

148 Vierhonderd jaar, die Israel sonder ’n profeet, die kerke het so deurmekaar geraak, en toe kom Johannes hier op die toneel. Johannes was die profeet, ’n teken dat die Messias na hom sou spreek. Kyk. Want, Maleági 3 het gesê: “Ek stuur My boodskapper voor My aangesig uit, om die weg voor te berei, die mense voor te berei.”

149 Kyk na Johannes, geen selfsug in hom nie. Hy het nooit enige glorie geneem nie. Hulle het hom die Messias probeer noem; maar hy het gesê: “Ek is nie werd om Sy skoene los te maak nie.”

150 Maar sodra Jesus verskyn het, het Hy 'n teken gehad, 'n Vuurkolom, 'n Lig bokant Hom, soos 'n duif wat afkom, 'n stem wat sê: "Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het."

151 Let op, en Johannes het onmiddellik gesê: "Hy moet meer word. Ek moet minder word." Hy het die Kerk aan Christus voorgestel. Amen.

152 Daar word vir ons vertel dat in die laaste dae, dit sal weer herhaal! Daar gaan 'n Boodskap wees wat uitkom, wat die Messias aan die mense sal bekendstel. En dit sal op so 'n manier wees, hulle sal stomgeslaan staan soos toe hulle toe het. Hy het dit belowe. Die volgende hoofstuk van Matthéüs, van Maleági vertel ons daarvan. Kyk.

153 Hulle het daaroor gevra. Johannes se geaardheid het hom geïdentifiseer in die gees van Elía. Nou let die twee profete op.

154 Nou, Elía was 'n man wat opgestaan het in die tyd van Israel, in 'n chaos.

155 Agab was koning. En al die vroue het Isébel nagevolg, en waarskynlik waterkop-haarstyle en alles, waarskynlik soos ons vandag het. En hulle almal het Isébel nagevolg. En die pastore het gedink: "Dit was net goed. Los hulle uit. Laat hulle dit doen."

156 En op daardie tyd, het God 'n man opgerig uit die woestyn, met die naam van Elía. Ons weet nie eens waar hy vandaan gekom het nie. Hy het nie eens 'n skool gehad om hom te identifiseer nie. Maar hy het opgestaan, en hy het al daardie goed veroordeel. Hy het die hele stelsel veroordeel.

157 As hy op die toneel sou kom, vandag, sou hy ons stelsel ook veroordeel.

158 Hy het elke Isébel veroordeel. En dit, uiteindelik, was dit sy wat die profeet gebreek het. Uitgedryf, soos Johannes; gelê onder die besembos waar Isébel hom sou doodmaak. Sy het hom gehaat.

159 En dan vind ons uit dat toe Johannes gekom het, weer uit die wildernis, 'n liefhebber van die wildernis, met 'n boodskap reguit aan moderne vroue wat geskei en getroud lewe, en weer getroud, hy het die ding stukkend gesny. Hy het nooit van enige skool af gekom nie. Hy het van God af gekom, 'n man wat deur God gestuur is. En hy het die moderne vroue veroordeel, hard teen hulle, en hy het nooit enigiets teruggehou nie. Maar hy het duidelik gesê: "Die tyd is op hande, die Messias gaan spreek." Kyk daarna.

160 Nou vergelyk die tyd van Elía se eerste koms met party van hierdie moderne profete van vandag, wat hulle Isébels hulle hare laat sny, en kortbroek dra, sigarette rook, enigiets wat hulle wil doen, hulle rondlei. Beter niks sê nie, sy sal hom

verlaat, 'n ander een kry. Lei hulle rond aan mensgemaakte geloofsbelydenisse; dis 'n skande, doktrines van die mens. En, deur dit te doen, maak hulle die gebooie van God tot geen effek nie, want hulle sluit by die kerk aan en bely steeds om Christene te wees, en behou hulle regte en sê hulle is Christene, en gaan steeds voort. Dis wat hulle wil hê. Dis wat hulle toe gedoen het.

161 Maar, onthou, dis op so 'n tyd soos daardie, soos God belowe het in Maleági 4, dat Hy weer die Woord sou vervul. Dis reg. Kyk waar ons vandag is, net soos dit was in die tyd van Johannes, net soos dit was in die ander tye.

162 Kyk na hierdie klein ou Amos wat opstaan, 'n klein ou kêreltjie. Ons weet nie waar hy vandaan gekom het nie. Hy was 'n herder. God het hom uitgeneem in die skaapweivelde en koeiweivelde en, en hom opgelei. En toe hy na Samaria gekom het, en toe hy opgekom het en oor daardie heuwel gekom het daardie dag, afgekyk het daar. En die son wat geskyn het op sy kaalkop, en sy grys wangbaarde, en sy oë het nou getrek en geglinster. Sy goddelike oë het geknip, nie oor die tonele wat die toeriste gesien het soos hulle ingekom het nie, want die hele stad was oorgegee aan sonde.

163 Wie is hierdie, ongeïdentifiseerde persoon? Ja, dis Amos, die profeet. Hy het geprofeteer in die dae van Jerobeam die Tweede, 'n afvallige koning, die mense enigiets laat doen het. Die priesters was almal daarvoor. Hulle het die mooiste kerke gebou. Hulle het die beste klere gehad. Hulle vroue was onsedelik. Hulle het op enige manier aangetrek wat hulle wou. Toeriste het oral ingekom, om die mooi meisies en hulle tekere ganery te sien.

164 Net nog 'n moderne V.S.A., veronderstel om God se volk te wees. Niemand sê niks daaroor nie. Dit is blykbaar so 'n houvas op die mense. Vyf-. . .

165 Agtien jaar nou, vandag! My Rebekka is agtien jaar oud, vandag. Agtien jaar, het ek hierdie volk deurkruis, hierdie dinge veroordeel. En wanneer ek terugkom, jaar na jaar, is daar meer kort-haar-vroue as wat daar was die eerste keer toe ek begin het.

166 'n Groot, beroemde Pinksterprediker het my in 'n kamer geneem, omtrent 'n jaar gelede, gawe, bekende, wêreld-bekende man. Hy het vir my gesê. . . "Broer Branham, laat ek hande vir jou oplê en vir jou bid."

Ek het gesê: "Ek is nie siek nie."

167 Hy het gesê: "Maar daar is iets verkeerd." Hy het gesê: "Broer Branham, jy sal jou bediening ruïneer. Niemand gaan saamwerk nie. Geen wonder die predikers wil nie met jou saamwerk nie; dis hoe jy daardie vroue veroordeel."

Hy het gesê: "Daardie mense noem jou 'n profeet."

Ek het gesê: "Ek het nooit gesê ek was nie."

168 Hy het gesê: "Maar hulle dink jy is." Hy het gesê: "Ek glo dieselfde ding." Hy het gesê: "Jy is geroep om vir die siekes te bid." Hy het gesê: "Bid vir die siekes, en los daardie vroue uit. Jy maak hulle gevoelens seer."

Ek het gesê: "Hoe?"

169 Hy het gesê: "Met hulle te praat oor kort hare te dra en dinge."

Ek het gesê: "Dis verkeerd."

170 Die Bybel het gesê: "'n Vrou wat-wat haar hare sny, haar man het 'n reg om haar te skei." Presies reg. "Sy onteer haar hoof." Dis wat die Bybel gesê het. Nou ek weet nie of jy daarvan hou, of nie, maar dis wat die Bybel gesê het, in Een Korinthiërs.

171 [Leë kol op band—Red.]. . . styf gespan totdat die vel aan die buitekant is. En dan kom hulle-hulle verby, sê: "Wel, Meneer Branham, dis die enigste klere wat hulle verkoop."

172 Hulle verkoop steeds materiaal en naaimasjiene. Daar is geen verskoning nie. Die Amish en Dunkard vroue dra hulle steeds. Sekerlik. [Gemeente gee applous—Red.]

En wat gebeur? Hulle gaan daar uit en gaan tekere.

173 'n Vrou het gesê: "Wel, Meneer Branham, ek dra nie kortbroek nie. Ek dra l-. . . " Wat is daardie pedaal tr-. . . ['n Broer sê: "Pedaal trappers."—Red.] Ja. Gesê: "Ek dra hulle."

174 Ek het gesê: "Dis erger." Ek het gesê: "Die Bybel sê: 'Dis 'n gruwel vir 'n vrou om 'n kledingstuk aan te trek wat aan 'n man behoort.'" En watter soort van 'n vuil gesig is hierdie Verenigde State nou! Sien? Dis reg.

175 Laat ek vir jou iets sê, suster. Jy mag so suiwer soos 'n lelie wees teenoor jou man of jou kêrel, maar in die Oordeelsdag gaan jy antwoord vir owerspel pleeg. Jesus het gesê: "Wie ook al kyk na 'n vrou, om haar te begeer, het alreeds owerspel met haar gepleeg." As daardie sondaar na jou gekyk het, en sy moet antwoord by die Oordeelsdag. Jy het jouself aan hom vertoon. Net soos jy wil. Uh-huh.

176 Waarom sou 'n goddelike vrou soos daardie wil aantrek? Dan maak jy aanspraak om die Heilige Gees te hê omdat jy in tale gepraat en op-en-af met die vloer gehardloop het? Daardie, egter, ek het heidene dit sien doen, Hottetotte. Die Heilige Gees is suiwerheid, heilig, onbesoedeld. Sekerlik.

177 Hierdie man het gesê: "As jy. . . Hulle glo jy is 'n profeet. Waarom leer jy hulle nie om groot geestelike gawes te ontvang, en hoe om dinge vir God te doen nie? Waarom leer jy hulle nie dit as jy 'n profeet is nie?"

178 Ek het gesê: "Hoe kan ek hulle algebra leer wanneer hulle nie eens hulle ABC's wil leer nie?" Julle weet wat ABC beteken? Glo Christus altyd. [Always believe Christ—Vert.] Uh-huh. Hoe gaan jy dit doen? Sien, jy wil wegkom *daarbo*, in plaas van om *hieronder* te begin.

179 God sal Sy Kerk bou op die fondament van Jesus Christus, en dis die Bybel. Buiten dit, is alle ander gronde dryfsand. God verander nie. Sy geaardheid verander nie.

180 Hy het vroue anders gemaak as mans, en mans anders as vroue. Hy het hulle anders aangetrek, en Hy wil hê hulle moet so bly. Sien? Vroue wil lyk soos mans, en mans wil lyk soos vroue. O, goeiste! So 'n verdraaïng! Dis . . . En die hele ding, lyk asof dit 'n greep op die mense het, en jy kan dit nie verander nie. Lyk soos 'n groot monster, 'n groot duisternis; as julle verstaan waarvan ek praat, in die gees. 'n Monster het hulle gegryp, en hulle-hulle kan net nie daarvan wegkom nie; te veel Hollywood, te veel televisie, te veel ander onsin. Alles wat ons het is besoedel. Geen wonder: "As die werk nie kortgeknip word, om die Uitverkorenes se onthalwe nie, sal daar geen vlees gered word nie."

181 Jy het gesê: "Ek het dit nooit tevore geweet nie." Wel, nou weet jy dit, van nou af. Sien? Dis . . . Ek beter dit stop. Laat ons teruggaan. Let op.

182 Johannes was 'n teken. En onthou dat, hoe God dit die eerste keer gedoen het, dis hoe Hy dit weer sal doen. Hy het belowe. Nou, God het nooit 'n groep mense gebruik, op enige tyd, daarvoor nie.

183 Onthou, daar was 'n groep eenkeer, wat, 'n groot man genaamd Agab, hy het vir hom gekry 'n . . . hy het vir hom vierhonderd Israelitiese profete gekry. Nou, hulle was nie heidense profete nie. Vierhonderd Israelitiese profete. Hulle het almal hulle graad en alles gehad, 'n groot skool gehad.

184 Daar was 'n goddelike man, naamlik Josafat, wat koning van Juda was, en hy het afgekom. En daar is waar 'n gelowige deurmekaar geraak het met 'n ongelowige. Dinge het verkeerd gegaan.

185 En hy het gesê: "Ramot-Gilead." Nou hou dit dop, hoe waar dit kan wees. Hy het gesê: "Ramot-Gilead behoort aan ons, daarbo. Bo in die deel van die land daarbo, dis ons s'n." Josua, in verdeling van die lande, het dit vir Israel gegee. En die Filistyne, heidene, het oorgekom en dit weggeneem van hulle. Hy het gesê: "Dit behoort aan ons."

186 Nou kyk hoe, fundamenteel, mense reg kan wees en Dit steeds mis. Die ding het werklik aan Israel behoort. Maar al God se beloftes, broer, is op voorwaardes, sien: "As hulle wandel voor die Here."

187 Nou kyk hier. Hy het gesê: "Sal jy optrek saam met my, en my help om daardie land terug te vat? Wel, dis, daardie Filistynse kinders vul hulle mae daaroorkant met die koring wat aan Israel behoort." Dis Skriftuurlik reg. Hy het gesê: "Help my om op te trek en hulle te kry."

188 Gesê: "Wel, my. . . " Daar het hy 'n onbesonne fout gemaak. "My waens is joune, my manne is dieselfde as joune. Ek sal saam met jou gaan."

189 En toe het Josafat begin dink, julle weet. "Sê, behoort ons nie die Here hieroor te raadpleeg voor ons gaan nie?"

190 "O, natuurlik," het Agab gesê: "natuurlik. Uh-huh. Verskoon my. Ek-ek behoort daaraan te gedink het."

"Is daar nie 'n profeet iewers nie?"

191 "O, sekerlik. Ek het-ek het 'n-'n kweekskool van hulle hieronder, die beste wat jy ooit gesien het. Hulle dra almal die beste klere. Hulle is die bes-opgeleide geleerdes. Ek het hulle opgevoed, tot die letter. Ons sal hulle gaan kry."

192 So hulle het soontoe gegaan. En hulle het almal bymekaar gekom. Hulle was nie skynheilig nie. Hulle het gebid en gebid en gebid, totdat hulle 'n gesig gesien het.

193 Toe het hulle gekom. En een van hulle het vir hom twee groot horings van yster gemaak. Hy het gesê: "Hiermee gaan julle die Filistyne terugdruk, of die-die Assiriërs, reg uit die land." Hy het gesê: "SO SPREEK DIE HERE. Trek op, die Here is met julle." Elkeen van hulle, toe, eendragtig, het in die gees geval, Israelitiese profete het gesê: "Trek op, die Here is met julle." Jy sien, is dit Skriftuurlik? "God het hierdie erfenis vir die volk gegee, en die vyand het dit. Jy het 'n reg om dit te gaan kry."

Nou, Pinkster, ek wil hê julle moet 'n les hier kry.

194 Maar, Josafat, as 'n goddelike man, het hy gesê: "Daar is steeds iets bietjie verkeerd." Gesê: "Het jy nie nog een nie?"

195 "Nog een, nadat vierhonderd goed-opgeleide profete hier gestaan het?" Soveel soos wat op die onderste vloer hier is. "Wat staan in eendragtigheid, sê: 'SO SPREEK DIE HERE.' Dit terugdraai en sê: 'Josua het die land vir ons gegee. Dis ons s'n. Gaan kry dit!'"

196 Maar Josafat het vir nog een gevra. Gesê: "Is daar nie nog een waarmee ons die Here kan raadpleeg nie?"

197 Hy het gesê: "O, daar is nog een, maar," gesê: "ek haat hom." Uh-huh, uh-huh. Gesê: "Hy is Miga, die seun van Jimla." Gesê: "Ek haat hom. Hy sê altyd bose dinge van my."

Gesê: "Moenie laat die koning so sê nie. Gaan kry hom."

198 Toe het hulle 'n paar hardlopers soontoe gestuur. En party van hulle het gesê: "Nou, Miga, ek wil vir jou iets sê. Nou, jy

weet hulle het jou ekskumeer, jou -muniseer uit die gemeenskap, nie lank gelede nie, omdat jy altyd slegte dinge van die mense sê. Nou as jy jou gemeenskapskaart wil terughê, sê wat hulle sê, en, o, hulle sal jou net reg inneem onder hulle arm."

199 Maar hy was net dat hy regtig 'n profeet was. Hy het gesê: "Soos die Here God leef, sal ek net sê wat God in my mond plaas." O! God seën die man. Hy het gesê: "Wag tot vanaand, en ek sal kyk wat die Here vir my sê."

200 Die volgende oggend, gesê: "Trek op, maar ek sien Israel verstrooid soos skape sonder 'n herder." Toe het hy sy visioen geneem en dit vergelyk met dit wat Elía gesê het, wat met Agab gebeur het. Hoe kon Hy seën wat vervloek is? Maak nie saak hoeveel . . .

201 Ons is 'n goddelike volk. Die Pinksterkerk, Baptis, en Metodis, ensovoorts, is 'n Christenkerk, maar hoe kan jy seën wat God vervloek het? Ek gee nie om nie, jy sê: "Ek-ek het *hierby* aangesluit. Ek het *dit* gedoen." Dit het nie een ding daarmee te doen nie. Kyk wat jy gedoen het. Kyk na Pinkster, hoe hulle die standaarde laat sak het. Kyk wat julle altyd was, en kyk wat julle nou is. Geen wonder, oë is, oë is verblind nie.

202 Toe hy, Agab, die . . . Hierdie priester het hom in die mond geslaan. Hy het gesê: "Sit hom," en Agab het gesê: "sit hom daaragter in die binneste tronk. Wanneer ek in vrede terugkom, sal ek met hierdie kêrel afreken."

203 Hy het gesê: "As jy hoegenaamd terugkom, het God nie met my gepraat nie." Uh-huh? Sien? Daar was 'n profeet, daar was 'n teken; daar was Sy stem. En, om dit nie te gehoorsaam nie, het oordeel gebring.

204 Die Heilige Gees is ons profeet vandag. Laat na om na Sy Stem te luister? Hy is geïdentifiseer in die Skrif, dat Hy hierdie dinge sou sê. Jesus Christus, die vorm van die Heilige Gees!

205 God het gewerk met hierdie een man. Hierdie, God werk nooit met groepe nie; dis met een man. Elía was nie 'n groep nie. Johannes was nie 'n groep nie. Hulle was nie 'n groep of 'n denominasie, nie een van hulle nie. Maar albei van hulle het so-iets veroordeel. Dis reg. Johannes het gesê: "Moenie dink ons het Abraham as ons vader nie. God is in staat om van hierdie klippe kinders op te rig van Abraham."

206 En die endtyd teken sal 'n endtyd Stem hê. En die endtyd teken sal wees volgens wat voorspel is in die Bybel. En die endtyd Stem, wat volg op die endtyd teken, sal presies geïdentifiseer wees in die Skrif, sal die Skrif wees wat belowe is.

207 Nou ons het gelees in Lukas 17 wat die endtyd teken sou wees, sou wees soos dit was by Sodom, 'n belofte. En ons het

die Sodom in die natuurlike, waarom kan ons nie die teken in geestelike hier glo nie? As julle die Skrifte kan sien, ook, Lukas 17 is die teken, en Maleági 4 is die Stem. Die teken was soos God gemanifesteer in die vlees, wat die geheime van die hart geken het; en die Stem van Maleági 4 was om die mense weg te draai van hulle geloofsbelydenisse, terug na die Geloof van die vaders. Dis die teken.

208 Julle weet wat? Ek sluit nou af. Tekens word gewoonlik aanvaar, sekerlik; maar, die stem, o, nee. Die stem wat volg op die teken, hulle wil niks daarmee te doen hê nie. Ja.

209 Jesus se teken, as Messias, om die siekes te genees, hulle het dit aanvaar. Maar eendag het Hy gesê: "Ek en die Vader is Een."

210 O, goeiste, daardie stem was nie aanvaar nie. Hulle het gesê: "U maak Uself God, gelyk aan God."

Hy het gesê: "Ek is die Seun van God."

211 "O, goeiste, hoe kon God 'n Seun hê? Sien, ver is dit van God om 'n Seun te hê!"

212 Maar, julle sien, hulle het die-die teken geglo, die siekes kon genees word, en, o, dit was wonderlik, dit was net pragtig. Maar toe dit gekom het by die stem, wou hulle nie die stem glo nie. Wat het hulle gedoen? Hulle het Hom uitgesit.

213 En weet julle wat? Die Bybel sê vir ons, in Openbaring die 3de hoofstuk, by hierdie Laodicéa Kerkeeu, dat dieselfde ding aan Hom gedoen sou word. Hy was aan die buitekant van die kerk. Dis die Woord wat gemanifesteer is. Hy was die Woord wat gemanifesteer is. Hy is steeds die Woord wat gemanifesteer is.

214 As julle die teken van Sodom kan glo, van Lukas, as julle dit kan glo, dan waarom nie die Stem van Maleági 4 aanvaar nie? Sien, waarom nie julle, julle nie? Dit kan bevestig word. Enigste manier wat dit gedoen kan word. . . Die teken kan bewys word, maar jy moet die Stem aanvaar.

215 Moses is beveel om af te gaan, in die natuurlike, en 'n geestelike teken te kry en die mense terug te roep na die belofte van die vaders.

216 Maleági 4 moet die mense terugbring "Terug na die Geloof van die vaders." O, keer terug, O blinde en verstrooides, na julle eie!

217 Ter afsluiting, sal ek dit sê, hierdie laaste opmerking. Die profeet het gesê: "Dit sal Lig word in die aandtyd." Kyk, hy het gesê: "Daar sal 'n dag wees wat nie dag of nag genoem kan word nie." Nou luister. Ek sluit af. "Daar sal 'n dag wees. . . " Laat hierdie diep insink, en mag God dit in elke hart in hierdie gemeenskap plaas, vanaand, in hierdie ouditorium. Die profeet het gesê: "Daar sal 'n dag wees wat

nie dag of nag genoem kan word nie, soort van donker, reënerige, mistige dag. Maar," gesê: "in die aandtyd, sou daar Lig wees."

218 Nou, onthou, die son kom altyd op in die Ooste en gaan weswaarts. Beskawing het die son gevolg. Julle weet dit. En, let op, dieselfde son wat opkom in die Ooste is dieselfde son wat sak in die Weste. Nou, beskawing het presies saam met die son gegaan, totdat die Ooste en die Weste nou ontmoet het. Ons is op die Weskus; Ooste en Weste.

219 En, onthou, die Evangelie het op dieselfde manier gegaan. Dit het opgekom in die Ooste, die Koms van Jesus Christus, die S-e-u-n, nie s-o-n nie. S-e-u-n, die Seun van God, het opgekom in die Ooste, aan die Oosterse mense.

220 En nou was daar 'n dag wat mense by die kerk aangesluit het, denominasies gemaak het, net genoeg lig om te sien: "Wel, ons sal 'n kerk hê. Ons sal *dit* bou. Ons sal 'n skool bou. Ons sal 'n hospitaal bou. Ons sal opvoed. Ons sal 'n kweekskool hê." Hulle het genoeg lig gehad om dit te doen.

221 Maar, onthou, die Bybel het gesê, die profeet van die Here, in die Bybel, wat SO SPREEK DIE HERE is: "Daardie selfde son wat geskyn het in die Ooste sal weer skyn in die Weste, in die aandtyd. Dit sal Lig word in die aandtyd."

222 Wat sou Hy doen? Dit doen presies wat Hy gesê het in Lukas die 17de hoofstuk. "In die endtyd, wanneer die Seun van die mens geopenbaar word dieselfde manier wat Hy was in die Ooste, dieselfde Seun wat skyn, dieselfde Krag, dieselfde Heilige Gees, dieselfde Ding wat dieselfde ding doen. Dit sal Lig word in die aandtyd."

223 Dieselfde son wat gegaan het; selfde S-e-u-n wat gegaan het; afgekom het deur die Ooste, van Paulus af; het oorgespring in Duitsland in, op Martin Luther; weer gespring, op Sy volgende trek; en het van daar af na Engeland gegaan, na John Wesley; oor die Atlantiese Oseaan gespring, na die Verenigde State, na Pinkster; en nou het Pinkster homself uitgedoof, en ons is op die Kus.

224 Elkeen van hulle, het gedenomineer, net soos hulle het aan die begin, organisasie gemaak wat God vervloek het. Pinkster, en almal, het dit gedoen.

225 Maar Hy het gesê: "Dit sal Lig word in die aandtyd. Daar sal 'n teken opkom in die aandtyd." Moet Dit nie mis nie, vriende. Moet Dit nie mis nie. Nou, dieselfde Seun sou dieselfde Lig gee. Dieselfde s-o-n gee dieselfde s-o-n lig. Dieselfde S-e-u-n gee dieselfde S-e-u-n Lig.

226 Nou, dis nie ek wat dit sê nie. Almal hier, weet die Bybel sê dit, steek julle hande op. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis presies reg.

227 Nou, jy kan, dit hang van jou af. Glo dat die Seun van God, Jesus Christus, het, nie dood is nie. Hy is lewendig. Hy is in nederigheid, nederig. Hy het altyd so gewoon. Die pad op is af. Verneder julleself, kom weg van julle stywe idees, en glo die Here Jesus. Sien die teken, glo dan die Stem. Keer terug, o verstrooides, na julle eie!

Laat ons ons hoofde buig.

228 "En as hulle nie die Stem van die eerste teken, in die hand glo, soos dit met Moses was nie, doen dan die tweede teken. Dan, as hulle nie hierdie teken glo nie, neem dan water (water wat lewe verteenwoordig) wat in die oseaan of die see is, gooi dit op die grond, dit sal bloed word."

229 Hemelse Vader, dis baie laat nou, maar U het belowe daar sal Lig wees in die aandtyd. Laat die Stem van ons Evangelie diep sink in die harte van die mense, soos hulle Daaroor mediteer en dit bestudeer volgens die Woord.

230 Seën hierdie gemeenskap, Here. Seën hierdie mense. Sien hulle hier sit, honger, arm kinders wat uitgeskop en rondgedruk is, en *hierdie*, in die wete dat Satan dit gedoen het net om hulle te verblind van die ding wanneer Dit hier kom. Mag hulle, vanaand, eendragtig, Jesus Christus glo, Sy belofte glo, dat Hy opgestaan het uit die dood.

231 U het gesê: "In die tyd wat hulle nie dink nie, dan sal die Seun van die mens kom."

232 Net wanneer die kerk het sy; meer geld werd is, miljoene dollars bou in geboue. Hulle sal beter af wees, Vader, glo ek, terug met staan op die hoek, 'n-'n tamboeryn slaan, met 'n hoed in hulle hand, die ou drom op die hoek soos die Heilsleër, as wat dit sou wees om te sit in hierdie groot lykshuise vanaand, die wêreld te probeer naboots: "'n Vorm van godsaligheid te besit, en die Krag daarvan te ontken."

233 Skenk, Here, vanaand, nog een keer, Here; soos Simson uitgeroep het: "Nog een keer, Here, een keer." Laat dit bekend word dat U die Christus is, die Seun van God; dieselfde gister, vandag en vir altyd. En identifiseer Uself in ons midde, dat hulle die teken mag sien, miskien sal hulle die Stem glo. Hierin, vra ek in Jesus Christus se Naam. Amen.

234 Ons gaan 'n gebedsry roep, sommer gou. Ek sien dis regtig tyd nou dat ons moet verdaag. Maar laat ons 'n gebedsry hê, net 'n gebedsrytjie, dan sal ons môre begin.

235 Hy het gebedskaarte vandag uitgegee. Daarom, ons gee elke dag kaarte uit, sodat elkeen 'n kans kan kry dat hulle kom, 'n vreemde tyd. Om op te kom in die gebedsry, dit genees jou nie. Enigiemand weet, in elke diens, is daar meer daarbuite genees as wat hierbo genees word, sien, altyd. Die Heilige Gees is net so alomteenwoordig. Hy probeer net gelowiges vind, dis al, Hy by kan uitkom.

236 Gebedskaarte P uitgegee, soos in Paulus. Laat ons, ons was . . . Wel, roep vanaf een. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien, laat hulle opstaan *hier* oorkant, as julle sal. Hulle gebedskaart P, soos in Paulus, een tot tien, staan op hier oorkant aan *hierdie* kant, as julle kan opstaan. As julle nie kan nie, dan sal ons iemand kry om julle te help. Tien; een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt . . . Goed, nog twee. Agt, nege, tien, goed. Tien tot vyftien, tien tot vyftien, dis nog vyf. Vyftien tot twintig, staan op sodat ek kan sien of julle opstaan. P, vyftien tot twintig. Twintig tot vyf-en-twintig. Laat ons nou sien, waar ook al julle is. Nou laat die res van die gehoor baie eerbiedig wees, net 'n paar minute. Dit sal gebedskaart P wees, een tot vyf-en-twintig. Is dit nie? Vyf-en-twintig, een tot vyf-en-twintig.

237 Nou almal anders wees baie eerbiedig. Gee God soveel respek, gee die Boodskap. Julle is dit aan God verskuldig, om 'n oomblik dop te hou en te oorweeg.

238 Nou ek dink hulle maak die mense gereed. Hulle wat nie . . . As hulle nie 'n gebedskaart het nie, hulle nie almal opgelyn is nie, sal hulle uitvind; hulle sal my sê binne 'n paar minute, en dan sal hulle . . . dan sal ons sien of iemand miskien doof is of iemand wat nie kan nie.

239 Ek weet nie waar hulle is nie, vriende, daardie gebedskaarte. Die seun kom hier af . . . [Broer Branham vra iemand op die platform: "Wie het hulle uitgegee? Het jy, of Billy? Billy?"—Red.] Wanneer hy afkom, en daardie kaarte deurmekaar maak voor julle mense, julle dan 'n gebedskaart gee; kom reguit af, sê vir julle almal om te sit, gee vir julle 'n gebedskaart. Sien? Ek weet nie waar hulle is nie. Ek het hierdie kind hierbo probeer kry, sien. En, anders, ek-ek nie van weet nie, ek-ek het geen manier om dit te weet nie. Ek reken God bepaal dit net op die manier wat Hy dit so wil bepaal.

240 Nou, nou die res van julle wat nie 'n gebedskaart het nie. Steek julle hand op, sê: "Ek het nie 'n gebedskaart nie, maar ek is siek." Steek jou hand op, enige plek in die gebou. Ek gee nie om waar jy is nie, steek net op jou . . . Wel, daar is nie te veel mense hier dan nie, nou. Wel, volgens dit, sal dit nie baie lank neem om te bid vir die gebedsry nou môre nie. Daar's omtrent twintig hierbinne, sonder wat staan hier, wat siek is.

241 Dis goed. Ek is bly om te sien julle aanvaar dit so. Julle het meer geloof gehad as wat ek gedink het julle het, miskien. Sien? Sien? As jy jou genesing aanvaar het, jou kaart weggegooi het, God seën jou. Dis ware egte geloof. Niemand het hande op jou gelê nie; jy het hande op Christus gelê.

242 Nou julle hier vanaand, wat nie in die gebedsry gaan wees nie, julle glo hierdie storie. Soos die vrou wat die soom

van Sy kleed aangeraak het, en Hy omgedraai het en herken het dat sy Hom aangeraak het, hoeveel onthou die storie? Sekerlik, julle onthou.

243 Nou glo julle dat, Hy, die Bybel gesê het in Hebreërs 4, dat: "Hy die Hoëpriester is, net nou, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede"? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, as Hy dieselfde gister, vandag, en vir altyd is, sou Hy nie dieselfde optree nie? ["Amen."] Het Hy dit nie gedoen, aand na aand, hier nie? ["Amen."] Hoeveel was in ander dienste en het Hom dit sien doen? Steek net op. ["Amen."] Sekerlik. Sien? Om die wêreld! Hy weet, Hy weet alles van jou.

244 Nou sien wat ek probeer doen. Hoeveel verstaan wat ek wil hê julle moet doen? Sien? Ek wil hê julle, sonder enigiemand wat hande op jou lê, wil ek hê jy, as 'n egte artikel van God, moet sê: "Jesus Christus, ek glo U. Ek aanvaar U nou as my geneser. Ek aanvaar U nou as my Verlosser. Ek glo dit met my hele hart, die werk is gedoen." Hou dan daardie belofte vas, hou jou belydenis vas en stap vorentoe daarmee. Kyk wat gebeur. Sien? Kyk wat gebeur. Sien? Nou dis wat ek julle probeer kry om te doen, die regte manier wat ons veronderstel is om te glo.

245 Wat sou jy sê? [Iemand sê: "Vier en negentien."—Red.] Nommer vier, gebedskaart nommer vier en nommer negentien, is afwesig. Gebedskaart vier. Kyk na iemand; kyk na jou buurman se kaarte. Gebedskaart nommer vier en nommer negentien. Goed, net 'n oomblik, wag. Sien, as ek hom nie roep nie, dan kry ek 'n weerklank daarop, julle sien. Sê wat? Sê wat? ["Vier."] Jy het vier? Wat van negen-. . . Nog nie negentien nie. Sê wat? ["Plus vier."] Gebedskaart nommer vier is nog nie in nie, of negentien nie. As iemand daardie kaarte het, as julle sal kom in die ry in. Of, kyk, sien, dit mag. . . het enige. . . Het daardie babatjie 'n kaart? Gaan na, is nie. . . Dis nie die nommer nie. Het *hierdie* dame hier 'n kaart, in hierdie rystoel? Gaan haar nommer na. Is dit-is dit haar nommer? 'n Dame op 'n bed, huh? Hulle het dit. Hulle, dis almal in nou. Reg. Goed. Nou-nou, julle mense wat 'n gebedskaart het, hou hulle. Ons gaan bedien, deur die genade van God.

246 Nou, vriende, hierdie wat die laaste aand is wat ons sal hê, môre is Sondagmiddag, laat ons onsself stilmaak. Nou neem net elke ongeloof wat jy het en elke-elke onredelike gedagte, en sit dit op die vloer, en sit jou voet daarop, as't ware. Sê: "Here Jesus, ek gaan U glo." Hoeveel sal dit doen? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dankie. God seën julle.

247 Nou moenie laat iemand gaan nie. Sit baie stil, en glo. Kyk hierdie kant toe, en kyk nou.

248 Die identifikasie van God was altyd om te weet, te kan vooraf sien wat was, en te sê wat was, hoe dit is, of wat dit sal

wees. Ons weet dit. Dis hoe die profete geken is. Dis hoe Jesus bekend was as die Messias. En Hy is dieselfde Messias vandag as wat Hy toe was, net sonder 'n vleeslike liggaam hier op aarde. Hy het Sy Gees teruggestuur om jou liggaam te gebruik, my liggaam. Nou, jy mag nie in staat wees om dit te doen nie. Ons weet, in die Skrif, is daar een in 'n geslag. Maar, sien, maar tog kan jy dit glo, en jy het ander dinge wat jy kan doen, almal.

249 Wat as my vinger besluit, omdat dit nie my oog is nie, gaan dit nie meer my vinger wees nie. Wat as hierdie arm sê: "Ek gaan nie meer oplig nie, want as ek nie 'n oog is, of 'n oor nie, gaan ek nie 'n arm wees nie"? Wel, dit sou my liggaam verkreupel.

Wees jy wat God jou plaas om te wees.

250 Hoeveel keer het ek Oral Roberts, Billy Graham, Tommy Osborn bewonder!

251 Party van daardie manne stap hier in en sê: "Prys God! Glo dit!" Bulhond geloof. Stap weg, stap daar uit net so vars as wat hulle kan wees.

252 Billy Graham staan met 'n boodskap, en preek vir die mense 'n paar minute, sê: "Maak jou besluit; kom na die altaar." Staan net daar, maak nie nog 'n beweging nie.

Hy het gesê: "So waarom doen jy dit, Billy?"

253 Gesê: "My boodskap het uitgegaan. Dit het van God gekom." Dis reg.

254 Hier is hy by daardie Sodomkerk, net presies wat veronderstel is om te wees. Sy naam wat eindig met h-a-m vanaf Abraham, ses letters; Abraham was sewe. Sien die boodskapper van daardie kerk, daaronder in Babilon? Sekerlik. Daar is nie 'n man in die land wat 'n houvas het op daardie boodskap van bekering, soos Billy Graham nie. Hy staan daar. Stap daar weg, en gaan eet 'n T-been biefstuk en gaan bed toe, drink 'n mout melk. Dis alles reg.

255 En wanneer jy moet staan en duiwels beveg! Eenkeer in Long Beach, ek en Broer Jack . . . Julle pa het daar gestaan.

256 En daar het Mnr. Fuller gestaan, Charles Fuller, 'n gawe broer, daar gestaan en preek. Omtrent twee of drieduisend mense daarbinne daardie middag. Ons het gesit en geluister na sy diens. Ek het die ouditorium gehuur, na hom. En hy het daar gestaan en 'n goeie praatjie gehou. En gesê: "Wil enigiemand hier Christus aanvaar?" Twee of drie mense het afgekom vir toewyding van hulle babas. Een vrou het gesê sy wou dit aanvaar. Opgekom en 'n gebedjie gedoen, een van die diakens, teruggegaan en gaan sit. Hande geskud, omgedraai en uitgestap. Daar was sy intellektuele, goed-aangetrekte groep mense, wat daar uitgestap het.

257 Hier kom myne in, dwangbuise, rystoele, blindes, verlamdes, kreupeles, gestremdes. Wanneer jou geloof iets soos daardie trotseer!

258 Nou hier, wat het ek gesê is Christus? En nou ongelowiges wat rondsit, wat een fout wil vind, sien, net probeer om een fout te vind.

259 Onthou, hier nie lank gelede nie in Toronto, het ons daar gestaan en preek, bid vir die siekes. Ek het 'n snaakse gees bly voel; dit het oor na my linkerkant gesit. Ek het dit bly dophou. Daar was 'n man wat daar gesit het, 'n groep het hom gehuur om daar in te kom, om my te hipnotiseer. Hy sou rondgaan na weermagkampe en soldate op hulle hande laat loop en soos honde blaf, en dinge, hipnotisme. Ek het daardie bose gees gevoel. Ek het nie geweet waar dit vandaan kom nie. Ek het aanhou dophou. Ek het daardie donker skaduwee gesien. Ek het net 'n paar minute gewag. Ek het gesê: "Jou kind van Satan, waarom het die duiwel jou verstand verblind tot iets soos daardie? Omdat jy gekom het om God oor te neem, God se Gees uit te daag, sal hulle jou hier uitdra." Hy het lam geword net daar in sy sitplek en is steeds verlam. Sien?

260 Ons speel nie kerk nie. Hoeveel was in die dienste en het soortgelyke dinge sien gebeur, julle weet dinge wat plaasvind? Sekerlik. Dis reg. Onthou, wees-wees eerbiedig.

Nou hier is, ek veronderstel, die eerste persoon. Is dit reg?

261 Nou, sien, ek het gepreek, vir julle presies vertel wat veronderstel was om te gebeur in hierdie dag. Nou dit is 'n teken, as dit gebeur. Dis wat die teken was, glo dan die Stem wat op die teken volg. Sien?

262 Nou hier is 'n vrou. Presies, aan julle nuwelinge, hierdie is Johannes 4, waar ons Here Jesus 'n vrou ontmoet het by die put. Hulle het nooit tevore ontmoet, in die lewe nie, en Hy het vir die vrou vertel wat haar probleem was. En sy het herken dat dit die Messias was. Julle ken die storie? Hier is dit weer, 'n man en vrou ontmoet. Nou sy is nie die vrou nie, en ek is nie daardie Man nie, maar dis steeds dieselfde God. Sien? Nou, Jesus het gesê: "Die werke wat Ek doen sal julle ook doen," Johannes 14:12.

263 Nou, dame, sonder om jou te ken, het geen idee waarvoor jy daar staan nie. Dit mag huislike probleme wees. Dit mag vir iemand anders wees. Miskien is jy siek. Miskien is dit . . . Miskien staan jy daar, net iets aan die aansit. As dit is, vind net uit wat gebeur. Sien? Miskien boots jy iets na. Wat ook al dit is, ek nie . . . Jy mag 'n egte gelowige wees. Dit weet ek nie, maar God weet. Maar jy sal weet of Hy vir jou die waarheid vertel het of nie, sal jy nie? As dit die waarheid is, sal jy dit weet.

264 Nou, sien, dis waarby jou geloof gekom het. Hoe sou jy daarvan hou om hiernatoe te kom? Nou as enigiemand glo dis verkeerd, kom julle hier en neem hierdie pasiënt, kom julle hier en neem die res van hulle. Dan as julle dit nie sal doen nie, moet my dan nie veroordeel nie. Sien?

265 Nou kyk hier, suster, net 'n oomblik. Nou ek het geen idee, niks van jou nie. Jy's net 'n vrou wat daar staan.

266 Nou as die Here Jesus Christus, die Seun van God, Wie ek bewys het deur die Bybel, belowe het dat Hy sou terugkeer in die laaste dae en Homself openbaar in die volheid van Sy Gees.

267 Net soos die Kerk wat opkom; soos dit kom vanaf 'n mens, die heel pad vanaf die voete, opkom met die dye, op na die kop, en die kop is die hoof van die liggaam. En die liggaam het opgekom, vanaf die eerste Kerk af, reg opgekom, hierin, in die hervormings, het opgekom tot nou. Dit het opgekom deur regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees. Nou is dit die Hoof (Christus) wat kom na die Liggaam, die Liggaam van Christus. Hy is die Een wat weet. My hand weet nie hoe om op te tree nie, net deur my kop. Maar Hy is die Een Wie weet, dis die rede dat Hy die Woord is.

268 Ek is nie die Woord nie. Ek is 'n mens. Maar, julle sien, Hy gebruik hierdie liggaam. Want, Hy het gesterf om hierdie liggaam te heilig, dat Hy dit mag gebruik, en 'n gawe gee. Net soos om dit uit 'n rat te trek, dan neem die Heilige Gees oor.

269 Dan, as Hy sal beskryf of vir jou sê wat jy gedoen het, waarvoor jy hier is, of iets omtrent jou, sal jy dit glo. En die gehoor sal dieselfde glo? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Mag die Here God dit toestaan.

270 Nou ek neem elke gees hierbinne, onder my beheer, tot die eer van God. Nou sit stil. Moenie rondbeweeg nie.

271 Kyk hier, net 'n oomblik. "Kyk na my," soos Petrus en Johannes gesê het, deur die poort gegaan het. Met ander woorde, skenk net aandag aan wat ek sê. Sien?

Jesus het die vrou 'n paar vrae gevra. "Bring vir My water om te drink."

272 Sien, ek het gepreek, selfde ding. Die Vader het my hiernatoe gestuur na-na Baton Rouge. Ek is hier.

273 Vader het gesê Hy moes verby Samaria gaan. Hy het daar gesit. 'n Vrou was die eerste een wat na Hom toe gekom het. Hy het daardie een teken op daardie een vrou gedoen, en die hele stad het bekeer. Watter verskil dit . . .

274 Jy dink, as Hy dieselfde ding sou doen, vanaand, dink jy die hele Baton Rouge sou bekeer? Ek betwyfel dit, en jy? Ek doen dit beslis. Maar ons is in die laaste dae, wanneer boosheid meer boos is as wat ooit bekend was.

275 Nou jou toestande. Jy is hier om voor gebid te word. Presies reg. En jy ly aan 'n keeltoestand. As dit reg is, steek jou hand op. Nie alleen dit nie, maar daar is iemand waarvoor jy bid. Dis 'n kind, en daardie kind het 'n keeltoestand. En dit is die toestand van die kind se keel, is groeisels in die keel. Glo jy dat God hom ook sal genees? Daardie sakdoek wat in jou hand is, wat jy opgesteek het na God, as 'n getuie. Moet dit nou nie betwyfel nie. Gaan en lê die sakdoek op die kind. Moenie twyfel nie, met jou hele hart. God sal albei van julle genees en julle gesond maak. [Die suster sê: "Prys Hom! Halleluja!"—Red.] Kan jy dit doen? ["Jesus! Dank U, Jesus!"] Dan gaan jy, en die Here wees met jou. ["Prys God! Halleluja!"]

Aangename kennis. Ons is ook vreemdelinge.

276 Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis die teken. Nou die Stem, is: "Keer terug na die Woord!"

277 Ken jou nie; Hy ken. As Hy my iets sal vertel van jou, dan sal jy glo dat daardie Woord wat ek gesê het bevestig sal word? Dis die-dis die bevestiging Daarvan. Sien? Ek het gesê Hy het dit gedoen; dis profeteer. Nou as die profesie gebeur, dan het Hy gesê: "Luister daarna."

278 Jy het 'n ernstige senuweetoestand waaraan jy ly, senuweeagtigheid. En jy het 'n gewas, en die gewas is op jou been. Dis reg, is dit nie? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Nou glo jy? ["Ja, meneer."] Gaan dan op jou pad, en glo. En, soos jy geglo het, so sal dit met jou wees.

279 Aangename kennis. Ek ken jou nie, maar God ken jou wel. Glo jy dat God vir my jou probleme kan vertel? Kyk na my. Jy het probleme. Maar jy staan eintlik hier vir iemand anders, en dis een wat groot geword het saam met jou. Dis 'n suster. Dis reg. Nou glo jy dat God vir my kan sê wat verkeerd is met daardie suster van jou? Sal jy dit aanvaar? Sy het hartprobleme. Dis reg. Glo jy sy gaan nou genees word? Dan, volgens jou geloof, laat dit met jou wees.

280 Kom, dame. Aangename kennis. As God vir my kan sê wat jou probleem is, of wat jy gedoen het, of iets, sal dit jou laat glo? Jy weet dat ek is. . . Ek-ek-ek ken jou nie. Dit sou Sy karaktereienskap wees wat Ditself identifiseer in my, volgens die Woord wat Hy belowe het. [Die suster sê: "Ek moet dit net glo."—Red.] Glo jy dit? ["Ja. Amen."]

281 Jy's 'n ander, jy het probleme soos 'n vrou van jou ouderdom sou hê, maar jou hoofgedagte is oor iemand anders. Jou begeerte van God; jy soek God nie vir jouself nie, maar vir iemand anders, dis 'n man. Dis jou man. En hy het hartprobleme. Glo jy dat hy sal. . . God hom sal genees? Gaan, glo dit. En soos jy geglo het, so sal dit vir jou wees.

282 Nou, sien, al die prediding, vir daardie uur wat ek gepreek het. Dit, wat dit ook al was, drie of vier mense wat verbygegaan het, nou kan ek kwalik hier staan. Sien? Sien, net die hele skare lyk melkagtig, hierrond. Sien? Jesus het gesê: "Krag het My verlaat." En as een vrou, wat Sy kleed aangeraak het, het krag uit Hom gehaal, en Hy die Seun van God; wat van my, 'n sondaar gered deur Sy genade?

283 Hy het gesê: "Die dinge wat Ek doen sal julle ook doen. *Meer* as hierdie sal julle doen." Ek weet King James sê: "Groter." Maar as jy die oorspronklike vertaling neem, gesê: "*Meer* as hierdie, sal julle doen." Niemand kan groter doen nie. Hy het die dooies opgewek, en Hy het die natuur gestop, en alles gedoen. Maar Hy het gesê: "*Meer* as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na die Vader."

284 "Die wêreld sal My nie sien nie; maar julle sal My sien, want Ek . . ." Kyk, "Ek," ek-ek is 'n persoonlike voornaamwoord. "Ek sal met julle wees, selfs in julle." Dan, is dit nie die man nie, dis die Christus.

285 Ek sê dit, my soort van 'n biejtie te skud, myself soort van terug te kry. Jy gaan af na 'n plek totdat naderhand . . . Dis nie terwyl jy *daarbo* is, of *hieronder* nie; dis tussenin. Hoeveel verstaan dit? Ek weet julle-julle dink julle verstaan. Ek ook.

286 Het julle ooit geweet dat digters en profete altyd neurote is? Hoeveel weet dit?

287 Hoeveel het gelees van William Cowper, die groot Engelse digter? Julle weet, geskryf: "Daar is 'n fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel sê are." Nadat hy daardie lied geskryf het, het julle gehoor wat met hom gebeur het? Ek het gestaan langs sy graf, nie lank gelede nie. Hy het probeer selfmoord pleeg, en in die rivier verdrink.

288 Hoeveel het ooit gehoor van Stephen Foster, vir Amerika sy beste volksliedjies gegee? Hy het dit in die kop gehad, maar nie die hart nie. Elke keer wat die inspirasie hom sou tref, sou hy die lied skryf. Dan wanneer die inspirasie hom verlaat het, het hy nie geweet wat om met homself te doen nie, en hy was verlore. Hy-hy-hy was op 'n dronkaard. En uiteindelik toe hy begin uitkom het uit daardie inspirasie, het hy 'n bediende geroep, en 'n lemmetjie gevat en selfmoord gepleeg. Dis reg.

289 Kyk na Elía, die profeet. Hy het daar opgegaan en vuur uit die hemel uitgeroep; reën uit die hemel afgeroep op die eerste dag; en die hemele gesluit en dit alles gedoen. Toe, toe die inspirasie hom verlaat het, het hy uitgegaan in die woestyn en wou sterf. En God het hom gevind, veertig dae later, teruggetrek in die grot. Dit reg?

290 Kyk na Jona, die profeet. Nadat hy sy boodskap gegee het, het hy opgegaan en gaan sit op die heuwel, vir God gevra om hom te laat sterf. Uh-huh. "Laat U dienaar gaan in vrede."

291 Mense verstaan dit nie. Nee, nee, julle sal nie. Ek kan dit ook nie verduidelik, of geen ander man nie. Jy kan nie God verduidelik nie. God word nie geken deur wetenskaplike navorsing nie. God word geken deur geloof. Ons glo Hom. Hoe kan jy verduidelik? Hoe sal dit nog geloof wees? Ons ken God deur geloof.

292 Die kerk sal nooit die arbeid en die bekommernis ken, en die werk en die beproewing, wat probeer het om Dit te bring, die Boodskap nie. Hy weet. My beloning kom nie van mense nie.

293 Kyk hier, dame. Ja, vinnig. Daardie vrou is geskadu tot die dood. God nie dadelik na die vrou kom nie, kan ek sien. . . Kan julle nie daardie duisternis om haar sien hang nie? Sy sal sterf, so seker as die wêreld. Hier nie lank gelede nie, het hulle 'n foto geneem van iets soos daardie, en het dit by die huis. Sy het 'n donker skaduwee wat naby haar hang. Sy is geskadu tot die dood.

294 Die dametjie het 'n operasie gehad. En in hierdie operasie het hulle geopereer vir kanker. En nou het sy probleme, alle soorte van-van, wel, net komplikasies. Een ding, jy is so swak jy kan nie opstaan nie. Nog 'n ding, dat vanaf die blaas gaan etter uit. Nou, net sodat jy sou sien dat ek nie net iets sê nie. Dit is reg. Maar, dame, die dokter het probeer. Ek gee hom krediet daarvoor. Maar, hy was 'n medisyne, maar God is die geneesmiddel. Jy gaan sterf soos daardie. Hy het gedoen alles wat hy kon doen. Glo jy? [Die suster sê: "Ja."] Kom hier, net 'n oomblik.

295 Deur die opdrag wat vir my gegee deur Almagtige God, wat aan my getuig is deur 'n Engel, wat nou teenwoordig is in die vorm van 'n Vuurkolom, bestraf ek hierdie duiwel wat hierdie vrou se lewe neem. In die naam van Jesus Christus. Amen.

Gaan, glo nou. Met alles wat in jou is, glo.

296 Jy het 'n probleem wat meer mense doodmaak as enigiets anders, hartprobleem. Hulle sê dis die nommer-een siekte, maar dit is nie, meneer. Sonde is nommer-een geloofsiekte. Glo jy dat Hy in staat is om daardie hart te genees en jou gesond te maak? [Die broer sê: "Ek weet Hy kan."—Red.] Gaan dan, glo dit. God seën jou.

297 Dink jy God kan jou rug genees en jou gesond maak? Glo jy dit met jou hele hart? Gaan, glo dit, suster. Kyk wat met jou gebeur, jy sal beter word.

298 Artritis en hartprobleem. Maar jy glo dat God jou kan gesond maak? [Die suster sê: "Ek glo."—Red.] Met jou hele hart? ["Ja, meneer."] Sal jy dit aanvaar? ["Ja, meneer."] Volgens wat jy geglo het, dis hoe dit met jou sal wees. Nou gaan, glo dit met jou hele hart, en God sal jou gesond maak.

299 Jy het ook ’n rugprobleem. Glo jy dat Jesus Christus jou kan gesond maak? [Die suster sê: “Ja, meneer.”—Red.] Gaan nou, glo dit met jou hele hart. Ek kan jou nie genees nie, sien.

300 Prostaat, senuweeagtigheid, en ook het jy artritis. Glo jy dat God jou kan gesond maak, jou genees? Aanvaar jy dit? Gaan, en glo dit, dan.

301 Hou jou baiekeer wakker, met hoes. Maar God genees asma. Glo jy dit? [Die broer sê: “Ja, meneer.”—Red.] Glo jy Hy maak jou nou gesond? [“Ja, meneer.”] God seën jou. Dankie, vir jou geloof.

302 Wat as ek nie eens ’n woord vir jou gesê het nie, net my hande op jou gelê het, sou jy geglo het? [Die broer sê: “Ja.”—Red.] Kom hier. Ek lê my hande op jou, in die Naam van Jesus Christus, en mag die artritis jou verlaat. Dit verlaat.

303 Kom. Kom, suster. Glo jy? [Die suster sê: “Ja, meneer. Ek is tevore deur die Here genees.”—Red.] Wel, dis wonderlik. [“Halleluja!”] Dan gaan eet dan jou aandete, en jou maag sal reg wees. [“Halleluja! Halleluja! Halleluja!”]

304 Baie rugprobleme, dit het jou vir ’n lang tyd gepla. Gaan, glo jy’s. . . Gaan, glo jy gaan reg wees, en God sal dit vir jou doen. [Die broer sê: “God het. Amen.”—Red.] Amen. Dis reg. [“Prys die Here.”] Die Here seën jou, broer. Amen.

305 Diabetes is niks, vir God om te genees nie. Hy kan hulle gesond maak. Glo jy dit? [Die suster sê: “Ek glo.”—Red.] Goed. Aanvaar dit, en gaan glo Hom nou met jou hele hart.

306 Jy het dit ook in jou bloed. Glo jy dat God jou sal gesond maak? Gaan, glo dit met jou hele hart, en word gesond.

307 Jy glo Hy het jou genees toe dit jou getref het? Hy het.

308 Damesprobleem. Hartprobleem. Glo jy dit? Gaan, glo dit. Word genees in Jesus se Naam.

309 Glo jy dat God jou rug sal genees, in die diens. Seën jou! Gaan net reguit aan.

Ek genees nie. Ek kan nie genees nie. Ek is nie ’n geneesheer nie.

310 Wat het jy gedink toe Hy gesê het van sy rug, glo jy joune het ook gesond geword? Goed, gaan net, glo dit, dan. . . Gaan glo dit net, met jou hele hart.

311 Joune ook, glo jy dat God jou gesond maak? Gaan, glo dit met jou hele hart. God sal dit toestaan as jy. . . Jy moet dit glo, egter.

312 Glo jy dat God jou sal gesond maak, ook? [Die suster sê: “Prys die Here! Ek glo beslis.”—Red.] Goed. God seën jou. Gaan net reguit voort en glo met jou hele hart.

313 Kom, meneer. 'n Ou wit druppel wat afdrup. Diagnose daarvan sou diabetes wys. [Die broer sê: "Diabetes."—Red.] Glo jy Hy sal jou gesond maak? Laat ons na Gólgota gaan vir 'n oortapping nou. Deur geloof, in die Naam van Jesus Christus, mag hy nou genees word. Amen. God seën jou, broer. Glo met jou hele hart. Glo jy? ["Presies waar."]

314 Wat van party van julle in die gehoor nou? Glo julle met julle hele harte dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd? Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

315 Wat van oorkant in *hierdie* distrik? Die dametjie wat sit, reguit na my kyk daar, ly aan 'n damesprobleem, glo jy dat God jou sal gesond maak? Net 'n blou jassie aan. Goed. Glo nou, Jesus Christus maak jou gesond. Dis net so eenvoudig.

316 Die dame wat reg agter jou sit, donker hare. Sy het gesê: "Dank U, Here." Iets het haar getref. Sy het nie geweet wat Dit was nie. Die blaasprobleem het haar verlaat, net aan die sit daar, reg agter die dame wat net toe genees is. As jy glo met jou hele hart, daar, dame, jy glo? Goed, steek jou hand op as jy dit wil aanvaar. God maak jou gesond.

Wat van hierdie hieronder, iemand *hierin*?

317 Agter daar in die gehoor, nou baie eerbiedig. Moenie beweeg nie. Sien, hierdie siektes sal van een na 'n ander gaan.

318 Wat van jou, meneer? Hierdie bejaarde man wat hier in hierdie stoel sit? Glo jy? Glo jy God kan jou genees? Artritis, en jy het bronchitis. Glo dat God dit sal gesond maak? Jy glo? Goed, jy kan kry waarvoor jy gevra het. "As jy kan glo!"

319 Wat dink jy, dame, wat langs hom sit? Glo jy, ook? Glo jy? Glo jy God kan vir my sê wat jou probleem is? Jy's ver van my. Glo Hom net nou. Glo jy ek het vir jou die Waarheid vertel? Dan sal jou hoë bloeddruk afgaan. Glo jy dit?

320 Jy steek jou hand ook op. Jy het haar probeer bemoedig. Glo jy God kan vir my sê wat's. . . Jy was so gaaf om haar te help, nou sal God gaaf wees om jou te help. Jy het 'n geestelike probleem wat jou pla. As dit reg is, wuif jou hand soos *hierdie*. Dit gaan nou afgehandel wees. Hy maak dit reg.

321 Hoeveel glo? Hoeveel van julle sal aan-. . . wat nie 'n Christen is nie, het die-die gevoel dat Jesus Christus hier teenwoordig is, wat nou wil staan, en sê: "Jesus, ek wil myself identifiseer as 'n sondaar, sal U my vergewe van my sondes?" Staan op julle voete. God seën jou, meneer. God seën jou. God seën jou. God seën jou. God seën jou. God seën jou. Dis. . . God seën jou, jou, jou, jou. Hierdie, Hy sien jou. Hy skryf jou naam neer wanneer jy dit doen.

322 Hier oorkant na die balkon, staan op, sê: "Here Jesus, ek wil, ek wil geïdentifiseer wees. Ek wil genade vir my siel hê." God seën jou, meneer. "Ek wil genade hê, Here Jesus."

323 Kan jy nie sien, vriend, dat Hy hier is nie? God seën jou, jongman. God seën jou. God seën jou, jongdame. Dis die grootste ding wat jy ooit gedoen het. Nou iemand anders wat dit nie gedoen het nie, staan op, sê: "Ek wil geïdentifiseer wees, Here Jesus. Ek identifiseer myself, vanaand."

324 "Hy wat sy sonde sal bely, sal genade ontvang. Hy wat sy sonde wegsteek sal nie vooruitgaan nie."

325 Sal jy, in Sy Teenwoordigheid? God seën jou, dame. Ek wil. . . God seën jou. Ja. En Here seën jou. God seën jou, meneer. God seën jou, dame. Die Here seën jou.

326 Jy sê: "Beteken dit enigiets?" Tussen dood en lewe, dis die verskil.

327 Herken julle Sy Teenwoordigheid hier? Herken julle dit? Voel julle dit aan? Sien, julle sien Dit, julle sien Dit werk. Dis Hy. Dis presies wat Hy gesê het Hy sou doen. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

328 Iemand anders sê: "Ek wil myself identifiseer as 'n sondaar, Here. U vergewe my nou van my sondes." As jy alreeds staan, steek net jou hand op. Party van julle om die mure, steek. . . God seën jou. God seën jou. Iemand anders sê, bo in die balkon aan die agterkant, sê: "Ek wil myself identifiseer, Here Jesus. Ek vra om genade, vanaand, in U Goddelike Teenwoordigheid, in die geloof dat, die einste God wat my sal oordeel, Sy Teenwoordigheid nou hier is. Hy weet dat Hy met my hart praat en vir my sê dat ek verkeerd is. Ek wil opstaan en sê ek is verkeerd. Ek bely my verkeerde. U veroordeel my, in my hart." Dis waarom ek die gebedsry gestop het. God seën jou. God seën jou.

329 Waarom dink julle het ek dit gestop? Ek het dit gestop omdat ek geweet het dit moes gebeur.

330 Nou, daar is andere hier, wil julle nie staan nie? Staan op en sê Iets praat met jou hart, jy's verkeerd. God seën jou, meneer. God seën jou. God seën jou . God seën jou. "Ek is verkeerd. Vergewe my, Here. Ek identifiseer myself. Ek staan op, Here, in U Teenwoordigheid. Ek weet U is hier. Ek. . . U moet hier wees. U het gesê hierdie sou die-die ding wees wat U sou doen. Nou ek wees. . . Ek sien die teken, en ek weet dis aan my verduidelik dat dit veronderstel is om die teken van hierdie dag te wees. Ek hoor die Stem wat terugroep na bekering. Hier is ek, Here. Ek glo die teken. Ek hoor die Stem."

331 Die Stem wat nou met julle praat! Draai, O verstrooide! Draai, O dwalende ster! Draai, O jy wat uitgesit is! Draai, vanaand!

332 Sal jy nie draai nie? Staan net en sê: "Ek identifiseer myself as 'n sondaar, vra om genade." Sal jy dit doen, enigiemand anders? God seën jou, dame. God seën jou, daarbo,

seun. As ek jou mis, Hy sal nie. God seën jou, dame. Dis baie goed. Dis baie goed. Iemand anders? Hou net. . . Ek wil net 'n minuut langer wag, want ek voel steeds 'n klein las hier, sien. Iemand anders? God seën jou, dame. Dis hoe om dit te doen. Dis reg. Iemand anders: "Ek wil myself identifiseer, net myself oplig en sê ek's verkeerd. Ek vra om genade"? Sal jy dit doen? Sommer gou, voor ons verder gaan, staan op en sê: "Ek wil myself identifiseer, Here Jesus." God seën jou, jongdame.

333 Julle weet, miskien voor jy huis toe gaan, maar een of ander tyd gaan daar 'n koue mis in jou gesig opkom. Miskien gaan die dokter een oggend kom en hy sal jou pols voel opkom teen jou mou, niks anders kan gedoen word nie. Dan sal jy die koue golwe van die dood voel in jou gesig indryf. Jy sal onthou wat jy gedoen het.

334 Onthou, hulle kan jou nie te diep begrawe nie, hulle kan niks aan jou doen nie. God het belowe: "Ek sal jou weer oprig, in die laaste dag." Kyk. "Hy wat My Woorde hoor en aan Hom glo wat My gestuur het, het Ewige Lewe en sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood na die Lewe." Vee iemand Dit uit, as julle kan. Jesus Christus het Dit gesê. "Hy wat glo, dis, My Woord verstaan en aan Hom glo wat My gestuur het, het Ewige Lewe, sal nooit in die oordeel inkom nie, veroordeling, maar het oorgegaan uit die dood na die Lewe." Want, hy het geglo aan die eniggebore Seun van God, wat God opgerig het, tweeduisend jaar gelede, en lewendig is hier, vanaand, om Sy eienskap van Sy opstanding te toon.

335 Sou daar nog een opstaan, daarna, nog een sê: "Ek wil Dit aanvaar. Ek wil Hom aanvaar." God seën. God seën jou. Dis baie goed, dametjie. Dis 'n dapper ding. Ek wil hê julle moet oplet.

336 Ek het 'n altaaroproep dopgehou, hier 'n tyd gelede, mense wat opgekom het, kougom gekou het, mekaar in die sy geslaan het.

337 Maar het julle die opregtheid op daardie mense se gesigte dopgehou? Daardie jongvroue, selfs na hulle veroordeel het oor hulle kort hare, grimering dra; met daardie grimering aan, en geknipte hare, reguit opgestaan net dieselfde: "Ek is 'n sondaar. Wees my genadig, God." Dis die Sade wat daar lê. Die Lig het daarop gespring, en hulle het dit geweet. God seën julle.

Laat ons nou ons hoofde buig.

338 Ek wil hê elke gelowige hier, wat naby daardie persoon staan wat opgestaan het, lê jou hand oorkant op daardie persoon, (sal julle?), die een wat opgestaan het. Hulle het by jou gestaan. As jy 'n Christen is, sit jou hand oor, op suster, broer: "Ek het nou my hand op jou. Ek gaan bid."

339 Hemelse Vader, daar is diegene hier vanaand wat-wat U glo. "Party sade val langs die pad," het U gesê: "die voëls kom verby en maak dit bymekaar. Andere val op klipperige grond, en dorings en distels. Maar party gaan oor in goeie, vrugbare grond." En U Teenwoordigheid wat hier is, vanaand, het baie hier oortuig vanaand dat U die Seun van God is, en dat U vir altyd lewe. En U het belowe, omdat U lewe, kan ons ook lewe.

340 Here Jesus, hulle het opgestaan en as 'n getuie gestaan dat hulle U glo. Nou, Here, ek weet U sal vir hulle staan in daardie Dag. Skenk dit, Here. Ek gee hulle vir U, in die Naam van Jesus Christus. Mag hulle gaan na 'n goeie kerk en gedoop word in Christendoop. Mag hulle hulleself aansluit by 'n goeie groep gelowiges. Mag hulle gevul word met die Heilige Gees. Mag hulle trofeë van die Evangelie wees, juwele in U kroon op daardie Dag. En as ek hulle nooit weer sien hierdie kant van daardie groot Dag nie, mag ek hulle daardie Dag sien soos in die gesig, wat sê: "Onthou jy my nie? Dit was by Baton Rouge, daardie aand, wat ek opgestaan het." Skenk dit, Vader. Hulle is Uwe, deur Christus se Naam.

341 Hier is, lê voor my, 'n doos sakdoeke, skoentjies, steweltjies, sakdoeke, en lappe, en voorskote. Daar word vir ons geleer, in die Bybel, dat hulle van die liggaam van Paulus geneem het, sakdoeke en voorskote, onrein geeste het van die mense uitgegaan. Nou, Vader, ons weet dat ons nie Paulus is nie, maar U is steeds dieselfde God, so ek bid dat U dieselfde resultate sal skenk, soos hierdie geslag opreg glo. Hulle het nooit Paulus geglo omdat hy Paulus was nie; hulle het Paulus geglo omdat U Uself met Paulus geïdentifiseer het. Nou hulle glo dieselfde ding vanaand, Here, dat U geïdentifiseer is onder ons, vanaand. En eendag, ons sê die . . .

342 Een skrywer het ons vertel, dat: "Israel op sy pad was na die beloofde land, en die Skelfsee in die pad gekom het, om hulle af te sny van die beloofde land." Die skrywer het gesê, dat: "God afgekyk het deur die Vuurkolom, met kwaai oë, toe Dit oor Israel beweeg het. Dit het blindheid, duisternis vir die ongelowige gemaak, en lig vir Israel. En toe die Skelfsee in die pad gekom het, het dit bang geword, en dit het teruggerol, en Israel het oorgegaan na die beloofde land op droë grond."

343 Here God, kyk af vanaand, deur die Bloed van Jesus Christus, U Seun. Soos ek my hande lê op hierdie sakdoeke; wanneer hulle geplaas word op die siekes, mag die Heilige Gees, Here, na daardie persoon kyk, en mag die siekte daarvan weggaan, en mag hulle oorgaan in die land van goeie gesondheid en krag. Dat, die Bybel gesê het: "Bo alle dinge," dat hulle begeer dat ons sou "in goeie gesondheid wees." Skenk dit, Here. Ek stuur hulle, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

. . . my daar sal ek meegaan,
Waar Hy lei . . . (laat ons net sing) . . . meegaan,
Ek gaan met Hom, (nou Sy Teenwoordigheid hier, laat ons Hom net in sang aanbid, saggies), heel die weg.

344 Kan julle dit regtig so sing?

Waar Hy lei daar sal ek meegaan,
Waar Hy lei daar sal ek meegaan,
Waar Hy lei daar sal ek meegaan,
Ek gaan met Hom, (as jy wil, steek nou jou hand op), met Hom heel die weg.

Laat ons nou opstaan, steek weer julle hande op.

. . . Hom deur die tuin,

345 Sing almal nou in die Gees. Baie snydende Boodskap. Laat ons Hom nou in Sy Teenwoordigheid aanbid. Hy hou daarvan om aanbid te word.

. . . die tuin,
Ek gaan met Hom deur die tuin,
Ek gaan met Hom, met Hom heel die weg.

346 Nou laat ons dit neurie. "Ek kan . . ." Nou wanneer jy dit doen, wil ek hê jy moet hande skud met iemand, sê: "God seën jou, pelgrim. God seën jou, pelgrim," soos dit. Ons is een met mekaar. Metodis, en Baptis, Presbiteriaan, Pinksters, almal skud hande met mekaar. "God seën jou, pelgrim." Dis wat ons is: pelgrims. " . . . die tuin."

347 God seën jou, pelgrim. God seën jou. [Broer Branham en gemeente gaan voort om hande te skud. Leë kol op band—Red.] " . . . tuin." Nou laat ons ons hande opsteek.

Ek gaan met Hom, met Hom, heel die weg.

348 Laat ons ons hoofde buig, nederig, in gebed. Moenie vergeet, in die oggend, Sondagskool nie.

349 Op een of ander manier, voel ek net die Teenwoordigheid van God so erg in my hart. Dit is so moeilik vir my om weg te gaan, vanaand, op 'n manier. Ek voel die Heilige Gees is behaag, vanaand. Ons sal waarskynlik 'n groot diens hê môre, deur mense te sien kom na Christus, julle sien. Iemand het gewonder waarom ek nooit die altaaroproep gemaak het nie. Ek wag totdat ek gelei word om dit te doen. Sien?

350 Ek vertrou dat elkeen wat hulle hand opgesteek het, of opgestaan het, ek vertrou dat julle môre by 'n goeie kerk sal wees, julle plek onder die gelowiges inneem.

351 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, gaan die pastoor hier vra om vorentoe te kom, as hy sal, vir verdaging. God seën julle nou, met ons hoofde en harte gebuig voor God.

Die Stem Van Die Teken AFR64-0321E
(The Voice Of The Sign)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagaand, 21 Maart 1964, by die Denham Springs Hoërskool in Denham Springs, Louisiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2007 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org